

**DIE UITBOUING VAN 'N PLAASLIKE GESKIEDENISVERSAMELING  
IN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK**

**J.H. VAN DER WALT**

*Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes  
vir die graad M.Bibl. aan die Potchefstroomse Universiteit vir Chris-  
telike Hoër Onderwys onder leiding van prof. P.J. Schutte*

**Potchefstroom  
1978**

## DANKBETUIGING

Die volgende persone word hiermee hartlik bedank :

1. Prof. dr. P.J. Schutte, Departement Biblioteek-  
kunde, P.U. vir C.H.O., vir sy insiggewende  
leiding en hulp.
2. Mnr. Ben Opperman, Hoof, Edleense Laerskool,  
Kempton Park, vir die taalkundige versorging.
3. Mev. Tokkie Coetzee vir die tik van die ver-  
handeling.
4. My eggenote en kinders vir hulle aanmoediging  
en steun.

## INHOUD

### 1 INLEIDING

|         |                                                             |    |
|---------|-------------------------------------------------------------|----|
| 1.1     | Oorspronklike dokumente en plaaslike<br>geskiedenis         | 1  |
| 1.2     | Geskiedenis                                                 | 5  |
| 1.2.1   | Wat is geskiedenis?                                         | 5  |
| 1.2.2   | Die betekenis en waarde van ge-<br>skiedenis                | 7  |
| 1.2.2.1 | Morele waarde                                               | 7  |
| 1.2.2.2 | Patriotiese waarde                                          | 8  |
| 1.2.2.3 | Persoonlike waarde                                          | 9  |
| 1.2.2.4 | Wetenskaplike waarde                                        | 9  |
| 1.3     | Plaaslike geskiedenis                                       | 10 |
| 1.3.1   | Wat is plaaslike geskiedenis?                               | 10 |
| 1.3.2   | Die waarde van plaaslike geskiedenis                        | 11 |
| 1.3.2.1 | Plaaslike geskiedenis as beginpunt vir<br>amateur-historici | 11 |

|         |                                                                  |    |
|---------|------------------------------------------------------------------|----|
| 1.3.2.2 | Plaaslike geskiedenis as 'n hulpmiddel<br>by geskiedenisonderrig | 11 |
| 1.3.2.3 | Plaaslike geskiedenis as beginpunt vir<br>nasionale geskiedenis  | 12 |
| 1.3.2.4 | Plaaslike geskiedenis as 'n doel op<br>sigself                   | 13 |
| 1.3.2.5 | Samevatting                                                      | 14 |

## 2 DIE OPENBARE BIBLIOTEEK EN PLAASLIKE GESKIEDENIS

|       |                                                                             |    |
|-------|-----------------------------------------------------------------------------|----|
| 2.1   | Die verhouding tussen die biblioteek<br>en geskiedenis                      | 16 |
| 2.2   | Die verhouding tussen die openbare<br>biblioteek en geskiedenis             | 18 |
| 2.3   | Die verhouding tussen die openbare bi-<br>blioteek en plaaslike geskiedenis | 21 |
| 2.4   | Plaaslike geskiedenisversamelings en<br>die openbare biblioteek             | 23 |
| 2.4.1 | Wat is 'n dokument?                                                         | 23 |
| 2.4.2 | Die plaaslike geskiedenisversameling                                        | 25 |

|         |                                                                                |    |
|---------|--------------------------------------------------------------------------------|----|
| 2.4.2.1 | Die argiefversameling                                                          | 26 |
| 2.4.2.2 | Die ongeordende dokumentversameling<br>(kortweg genoem 'n dokumentversameling) | 31 |
| 2.5     | Die plek van die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek   | 32 |
| 2.6     | Samevatting                                                                    | 39 |

### 3 DIE PLAASLIKE GESKIEDENISVERSAMELING

|         |                                                             |    |
|---------|-------------------------------------------------------------|----|
| 3.1     | Inleiding                                                   | 41 |
| 3.2     | Terreinafbakening van die plaaslike geskiedenisgebied       | 42 |
| 3.3     | Bepaling van 'n insamelingsbeleid                           | 44 |
| 3.4     | Die soorte dokumente in 'n plaaslike geskiedenisversameling | 46 |
| 3.4.1   | Gedrukte dokumente                                          | 47 |
| 3.4.1.1 | Boeke                                                       | 47 |
| 3.4.1.2 | Reisbeskrywings                                             | 52 |

|            |                               |    |
|------------|-------------------------------|----|
| 3.4.1.3    | Biografieë                    | 54 |
| 3.4.1.4    | Geslagsregisters              | 56 |
| 3.4.1.5    | Dagboeke                      | 58 |
| 3.4.1.6    | Proefskrifte en verhandelinge | 60 |
| 3.4.1.7    | Koerante                      | 61 |
| 3.4.1.7.1  | Koerantknipsels               | 62 |
| 3.4.1.8    | Tydskrifte                    | 63 |
| 3.4.1.9    | Adresboeke                    | 64 |
| 3.4.1.10   | Gidse                         | 65 |
| 3.4.1.11   | Bibliografieë                 | 66 |
| 3.4.1.12   | Efemera (vlugmateriaal)       | 67 |
| 3.4.1.12.1 | Pamflette                     | 68 |
| 3.4.1.12.2 | Vlugskrifte                   | 69 |
| 3.4.1.12.3 | Programme en plakkate         | 70 |
| 3.4.2      | Manuskripte                   | 71 |

|         |                                                            |    |
|---------|------------------------------------------------------------|----|
| 3.4.2.1 | Die argiefversameling van 'n plaaslike owerheid            | 73 |
| 3.4.2.2 | Die versamelings van plaaslike organisasies en verenigings | 74 |
| 3.4.2.3 | Privaatversamelings                                        | 76 |
| 3.4.2.4 | Kerkargiewe                                                | 78 |
| 3.4.3   | Die prenteversameling                                      | 79 |
| 3.4.3.1 | Skilderye, prente, foto's, kleurskuifies en films          | 80 |
| 3.4.3.2 | Kaarte                                                     | 83 |
| 3.4.4.  | Bandopnames                                                | 85 |
| 3.4.5   | Die museumversameling                                      | 86 |
| 3.5     | Samevatting                                                | 88 |

#### 4 FUNKSIES VAN DIE PLAASLIKE GESKIEDENISVER- SAMELING

|     |           |    |
|-----|-----------|----|
| 4.1 | Inleiding | 90 |
|-----|-----------|----|

|       |                                                                       |     |
|-------|-----------------------------------------------------------------------|-----|
| 4.2   | Die opvoedkundige funksie van die<br>plaaslike geskiedenisversameling | 91  |
| 4.2.1 | Die opvoedkundige funksie gerig op<br>die skoolgaande kind            | 91  |
| 4.2.2 | Die opvoedkundige funksie gerig op die<br>volwassene                  | 97  |
| 4.3   | Die navorsingsfunksie van die plaaslike<br>geskiedenisversameling     | 99  |
| 4.4   | Samevatting                                                           | 108 |

## 5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK EN PLAASLIKE INSTANSIES MET BETREKKING TOT DIE VERSAMELING EN BEWARING VAN PLAASLIKE DOKUMENTE

|     |                                     |     |
|-----|-------------------------------------|-----|
| 5.1 | Inleiding                           | 109 |
| 5.2 | Die plaaslike historiese vereniging | 110 |
| 5.3 | Die plaaslike skool                 | 116 |
| 5.4 | Die universiteitsbiblioteek         | 118 |
| 5.5 | Die plaaslike museum                | 120 |
| 5.6 | Argiewe                             | 124 |

5.7                    Samevatting    128

6    SAMEVATTING       131

7    BIBLIOGRAFIE      139

## 1 INLEIDING

### 1.1 Oorspronklike dokumente en plaaslike geskiedenis

Oorspronklike dokumente is vir wetenskaplike geskiedskrywing die primêre bron van historiese inligting, en die stelselmatige bewaring en beskikbaarheid daarvan is vir die historikus van die grootste betekenis (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1974, Nuusbrief nr.53).

In Suid-Afrika word alle amptelike staatsdokumente, dit wil sê die dokumente van die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede, asook die dokumente van gesondheidsrade en -komitees en afdelingsrade, volgens die Argiefwet, nr.6 van 1962, soos gewysig, onder beheer van die Direkteur van Argiewe geplaas (Snyman, 1962, p.23).

Hierdie Wet magtig die Direkteur ook om "dokumente of stukke wat volgens sy oordeel geskiedkundige waarde het of mag verkry, namens die Staat deur middel van aankoop of skenking of in bruikleen, hetsy tydelike of permanent ... hetsy onvoorwaardelik of op die voorwaardes waarop ooreengekom word," te verkry (Wet 6/1962 soos gewysig).

Hiervolgens is dit duidelik dat die Staatsargief met sy argiefbewaarplekke in die vier provinsies

hom nie net toespits op sy primêre funksie, naamlik die versameling en bewaring van staatsdokumente nie, maar dat privaatversamelings of aanwinste ook 'n belangrike deel uitmaak van versamelings in die Staatsargief.

J.J. Oberholster (1969,p.298) het egter aangedui dat dit baie moeilik is vir die Staatsargief om tegelykertyd staats- sowel as private dokumente te versamel. In die verband onderskei Oberholster veral drie grondliggende probleme:

1. Die geweldige toename in die bedrywighede van die staat, provinsies en plaaslike owerhede en die gebruikmaking van moderne skryfmetodes, het daartoe aanleiding gegee dat die Staatsargief se primêre funksies naamlik beheer, ontvangs, berging, ordening en beskikbaarstelling van staatsdokumente, so omvangryk geword het dat die klein getal opgeleide personeel nie alles kan behartig nie.

2. 'n Tweede probleem is geleë in die amptelike, formele karakter van die Staatsargief. Die Argief as staatsinstelling, gehuisves in 'n staatsgebou, is vir die besitter van private dokumente 'n abstrakte, onpersoonlike instelling met baie formaliteite.

3. Die willekeurige insameling van private dokumente deur die Staatsargief bloot ter wille van

die bewaring van daardie dokumente, hou nie altyd rekening met die sentiment van die skenkers van die dokumente nie. 'n Skenker wil graag sy private dokumente vir 'n spesifieke doel beskikbaar stel. Hy wil dokumente skenk aan 'n inrigting wat gelyksoortig is aan die inhoud van daardie dokumente en waartoe dié dokumente 'n wesenlike en belangrike bydrae kan lewer (Oberholster, 1969, p.298-9).

Dit moet aanvaar word dat 'n groot aantal dokumente in privaatbesit bly waar dit dan met verloop van jare en geslagte mettertyd heeltemal verlore raak. Hierdie dokumente lê in 'n ongeordende toestand by private persone, verenigings, sake-ondernemings, genootskappe en organisasies. Laasgenoemde groepe sluit onder andere in Africana-handelaars en versamelaars wat finansiële voordeel trek uit die verkope van die dokumente. Dit sluit ook in persone wat dokumente vir navorsing gebruik het en dit dan in hulle besit hou, persone wat dokumente erf en dan bloot om sentimentele redes nie daarvan wil afsien nie en persone wat heeltemal onbewus daarvan is dat die dokumente wat in hulle besit is, waardevolle navorsingsmateriaal is (Oberholster, 1969, p.299).

Bogenoemde verskynsels openbaar hulle veral op die kleiner plattelandse dorpe en streke waar nie altyd die nodige aandag gegee kan word aan die amp telike bewaring of versending daarvan aan die

Argiewe nie. Selfs ons kleinste dorpies het waardevolle gedrukte geskiedenis materiaal, maar dit is nie maklik om dié materiaal vir bewaring te bekom nie. 'n Mens hoor gereeld van stukke wat mense eers gehad het, maar nie meer besit nie, of mense belowe materiaal wat hulle nooit bring nie. Ander is weer besorgd oor die veiligheid daarvan, of wil dit vir hul kinders nalaat, of het geen begrip van die waarde van stukke in hul besit nie (Meintjes, 1968, p.20).

Gedurende die afgelope aantal jare is verskeie oproepe gedoen om private dokumente te bekom.

Dr. C. Graham Botha, 'n voormalige Hoofargivaris van die Unie van Suid-Afrika, het in 'n onderhoud met Die Burger, gedateer 25 Julie 1944, 'n beroep op die publiek gedoen om saam te werk in belang van die argiefwese: "Ou briewe en ander geskrifte wat van belang kan wees moet nie sommer weggegooi word nie. Dit moet liever aan die verskillende argiewe van die land oorhandig word sodat dit vir die nageslag bewaar kan word."

Met die inwyding van die Voortrekkermonument, Pretoria, Desember 1949, is 'n inligtingstuk: Opgawe van historiese stukke in private besit, deur die Rapportryers aan die publiek uitgedeel as deel van 'n landswye insamelingsprogram om historiese stukke te bekom (Anon., 1949).

Op 'n vergadering van die Uniale Poskoetsreëlingskomitee, gehou op 2 April 1951 in Kaapstad in verband met die Van Riebeeckfeesvierings van 1952, is onder andere die volgende besluit geneem : "Dat die plaaslike komitees versoek word om plaaslike owerhede te vra dat op die feestelike ontvangs van die koets die dorp of stad sy geskiedenis, behoorlik te boek gestel en ingebind, aan die poskoetsier oorhandig. Die plaaslike geskiedenis moet soveel doenlik teen die agtergrond van - en in samehang met - die algemene geskiedenis van die land opgestel word ... Miskien kan daar ook in die werk melding gemaak word van die bronne-materiaal in die vorm van plaaslike dokumente, publiek sowel as privaat ..." (Uniale Poskoetsreëlingskomitee, 1951).

Die doeltreffende bewaring en gebruik van plaaslike dokumente is 'n vereiste omdat sulke dokumente 'n band vorm met die plaaslike sentiment. Dit is onmisbare bronne vir die bestudering van plaaslike geskiedenis en dit vorm 'n basis vir 'n goeie begrip ten opsigte van gebeure van nasionale omvang (Walton, 1938, p.2).

## 1.2 Geskiedenis

### 1.2.1 Wat is geskiedenis?

Voordat 'n verduideliking van plaaslike geskiedenis

gegee word, moet eers aangedui word wat geskiedenis is aangesien daar 'n baie noue verband tussen die twee begrippe bestaan. Geskiedenis kan bestempel word as die somtotaal van die gebeurtenisse en menslike belewenisse wat in die verlede plaasgevind het en wat al die kultuurfasette van die mens raak (Hofmeyer, 1970, p.25). Dit kan ook beskryf word as 'n stelselmatige ondersoek na 'n beredeneerde voorstelling van die mens se bedrywighede in die verlede, in soverre die bedrywighede 'n sosiale betekenis het en in soverre ons soek na 'n oorsaaklike samehang in die menslike ontwikkeling (Van Wyk, 1956, p.8).

Geskiedenis moet gebonde wees aan tyd en plek en in verband gebring word met die mens. Die mens as individue speel 'n baie belangrike rol in die geskiedenis in soverre hy invloed uitoefen op die algemene ontwikkeling van die mensheid (Van Wyk, 1956, p.8). Dit gaan om die mens as deel van die volk en as draer van dit wat algemeen menslik is. Geskiedenis in sy omvattendheid sien die mens daarom in sy engere plaaslike verband, in sy volksverband en in sy universele verband. Hiervolgens vind ons dan plaaslike geskiedenis, nasionale geskiedenis en universele geskiedenis (Hofmeyer, 1970, p.25).

Elkeen van hierdie groepe skakel baie nou met mekaar en daar is 'n gedurige wedersydse beïnvloe-

ding : 'n Studie van plaaslike geskiedenis dra by tot die verbreding van historiese kennis en dit plaas ook plaaslike geskiedenis in direkte verband tot nasionale geskiedenis omdat plaaslike gebeure in nasionale verband gesien word. Die nasionale geskiedenis vorm die fondament van die geskiedskrywing omdat die nasionale sentiment so 'n belangrike rol in elke individu se lewe speel. Wêreldgeskiedenis speel vandag ook 'n al hoe belangriker rol as gevolg van die geweldige ontwikkeling op die gebied van die tegnologie en kommunikasiewese (Hofmeyer, 1970, p.25).

#### 1.2.2 Die betekenis en waarde van geskiedenis

'n Ontleding van die betekenis en waarde van geskiedenis sal van persoon tot persoon verskil volgens elke individu se lewens- en wêreldbeskouing. Tog is daar sekere basiese waardes wat aangedui kan word (Van Wyk, 1956, p.8-12).

##### 1.2.2.1 Morele waarde

Skrywers laat soms die nadruk val op die morele waarde van geskiedenis en as sodanig word dit dan beskou as 'n hulpmiddel tot die sedeleer. Die geskiedenis kan dien as die verskaffer van treffende voorbeelde tot karakter- en sedevorming deur middel van afskrikking en navolging. Dit bring die werklike feite in gedrang en objektiwiteit

gaan daarmee verlore. Dit maak die geskiedenis ondergeskik aan 'n moraliteitsbeklemtoning en die waarheidskarakter gaan verlore.

Die werklike feite van die geskiedenis sonder aansien des persoons en omstandighede moet weergegee word. Op hierdie wyse bied die geskiedenis dan ook ruim geleentheid vir die leer van wyse lesse uit die verlede (Van Wyk, 1956, p.9) want in die geskiedenis van nasies en individue bestaan daar onomstootbare presedente vir byna elke gebeurtenis wat hom opnuut herhaal (Preller, 1925, p.10). In dié verband kan ook gedink word aan die woorde van die Prediker : "Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie" (Bybel. O.T. Prediker 1:9). So kan die een historiese gebeurtenis help om die ander te verklaar en te beskryf.

#### 1.2.2.2 Patriotiese waarde

Die bevordering van patriotisme kan ook as een van die belangrikste waardes van geskiedenis bestempel word. Ook hier kan die objektiwiteit van geskiedenis in gevaar gestel word deurdat dit enersyds aanleiding kan gee tot verheerliking en andersyds tot verdoeming van die individu en die volk. Daar moet steeds gestreef word na die handhawing van die waarheid want die aangrypende in die geskiede-

nis van die volk gee besieling en inhoud aan die patriotisme van die individu (Van Wyk, 1956, p.9).

#### 1.2.2.3 Persoonlike waarde

Die Franse skrywer Lavissee het beweer dat die geskiedenis 'n mens langer laat leef omdat 'n persoon wat dit bestudeer het, "teenoor die ander staan soos 'n ou en ervare man teenoor 'n kind" (Van Wyk, 1956, p.10). Die geskiedenis verryk die mens se lewe en dit bring besondere vorming. Sonder kennis van die geskiedenis vereng die mens se lewe en word dit oppervlakkig en visieloos (Havinga, 1956, p.100).

Vir Calvin en Luther is die geskiedenis 'n vak wat mense vorm en toerus met bekwaamheid sodat hulle tot eer van God kan lewe en werk (Havinga, 1956, p.99).

#### 1.2.2.4 Wetenskaplike waarde

'n Wetenskaplike benadering en bestudering van die geskiedenis ontwikkel by die individu 'n "historiese" houding wat veroorsaak dat huidige faktore en gebeurtenisse relatief tot die verlede gesien en bestudeer word. So leer ons hoe, onder die eeuelange werking van oorsaak en gevolg, die menslike maatskappy ontwikkel en bly voortbestaan het. Ons kom tot die volgende slotsom van Ranke soos aangehaal deur Van Wyk (1956, p.10) "Geskiedenis is die begrip van ons maatskappy op grond van die

verlede en daardie kennis beskou ons veral as kousale kennis. So gesien bereik ons die stadium van 'n werklike wetenskap."

### 1.3 Plaaslike geskiedenis

#### 1.3.1 Wat is plaaslike geskiedenis?

Plaaslike geskiedenis kan bestempel word as die geskiedenis van enige provinsie, distrik, stad of dorp of enige ander kleiner lokaliteit met definieerbare grense waarin die inwoners 'n eenheidsgroep vorm (Hofmeyer, 1970, p.25). Elke dissipline, byvoorbeeld die sosiologie, ekonomie of geskiedenis, het egter sy eie norme vir die bepaling van plaaslike of streeksgrense wanneer hy hom op die terrein van die plaaslike geskiedenis waag. Die besonder interdisiplinêre aard van plaaslike geskiedenis maak dit daarom baie moeilik om norme vir die bepaling van plaaslike historiese grense te vind (Oberholster, 1977, p.32).

Die Biblioteekwese as dissipline, en veral die Openbare Biblioteekwese, moet in die versameling van plaaslike dokumente rekening hou met die bestaande administratiewe grense van 'n bepaalde stad, dorp of streek. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling, en vanuit die gesigspunt van die Openbare Biblioteekwese, sal slegs aandag gegee word aan die plaaslike geskiedenis van 'n stad of

dorp en die administratiewe landdrosdistrik rondom laasgenoemde.

Of 'n biblioteek hom in sy versameling van plaaslike dokumente ook wyer gaan toespits op 'n bepaalde streek bestaande uit 'n aantal landdrosdistrikte, sal onder andere bepaal word deur die rykdom aan plaaslike geskiedenis, die aantal en beskikbaarheid van plaaslike dokumente, die groter van die biblioteek en sy personeel en beskikbare fondse.

### 1.3.2 Die waarde van plaaslike geskiedenis

Gedurende die afgelope aantal jare het daar veral vier gedagterigtings na vore getree met betrekking tot die waarde van plaaslike geskiedenis.

#### 1.3.2.1 Plaaslike geskiedenis as beginpunt vir amateur-historici

Die eerste denkrigting sien plaaslike geskiedenis as 'n goeie beginpunt vir amateur- of aspirant-historici. Hiervolgens word plaaslike geskiedes-skrywing as maklik beskou en is dit slegs maar 'n oorgangstadium na die skryf van nasionale geskiedenis (Hofmeyer, 1970.p.26).

#### 1.3.2.2 Plaaslike geskiedenis as 'n hulpmiddel by geskiedenisonderrig

Hierdie denkrigting sien plaaslike geskiedenis as 'n belangrike hulpmiddel by geskiedenisonderrig. Hierdie denkrigting vloei voort uit die feit dat die mens 'n produk van sy omgewing is en daarom moet daar in die opvoeding vanaf die bekende gegewens van die plaaslike omgewing beweeg word na die geskiedenis in wyere, nasionale verband. Deur konsentriese sirkels vanuit die eie, vind daar 'n verbreding van kennis plaas en word die eie vergelyk met die vreemde, kom die kind tot die ontdekking dat hy tot 'n bepaalde tyd en plek behoort en dat hy 'n wesenlike deel vorm van die maatskappy (Hofmeyer, 1970, p.26-7).

(Die rol van plaaslike geskiedenis in die opvoeding, sal verder in hoofstuk 5 bespreek word).

#### 1.3.2.3 Plaaslike geskiedenis as beginpunt vir nasionale geskiedenis

Uit die vorige twee denkrigtings blyk dit duidelik dat plaaslike geskiedenis 'n belangrike rol speel ten opsigte van nasionale geskiedenis omdat plaaslike geskiedenis in werklikheid maar eintlik die beginpunt is vir nasionale geskiedenis. Hierdie idee kom tot uiting in die derde denkrigting, naamlik dat plaaslike geskiedenis slegs 'n middel tot 'n doel is. Dit word slegs gesien as fragmente of beginpunte van nasionale geskiedenis (Hofmeyer, 1970, p.27). Die somtotaal van hierdie afsonderlike fragmente

vorm nie die nasionale geskiedenis van 'n land nie (Hockett,1968,p.238).

#### 1.3.2.4 Plaaslike geskiedenis as 'n doel op sigself

Die vierde denkrigting, die sogenaamde Leicester-skool, het sy ontstaan gehad by lede van die Department of English Local History van die University of Leicester (Anon.1965,p.7). Hierdie denkrigting sien plaaslike geskiedenis nie as 'n aparte fragment of onderafdeling van nasionale geskiedenis nie, maar as 'n doel op sigself (Hofmeyer,1970,p.27).

Alhoewel plaaslike geskiedenis baie sterk beklemtoon word, sien hierdie "Skool" plaaslike geskiedenis nie as onafhanklik van nasionale geskiedenis nie. President Woodrow Wilson van die Verenigde State van Amerika het dit so gestel : "Local history is the ultimate substance of national history. The history of a nation is only the history of its village written large ... Local history is subordinate to national only in the sense in which each leaf of a book is subordinate to the volume itself. Upon no single page will the whole theme of the book be found; but each holds a part of the theme" (Zatterberg,1949,p.351). Volgens H. Finberg, soos aangehaal deur Hobbs (1973,p.18) kan dit selfs beskou word as die oudste en gevorderdste vorm van historiese studie omdat plaaslike gemeen-

skappe in die menslike beskawing eerste ontwikkel het en daarna nasionale volksgroepe.

Die bestudering van plaaslike geskiedenis het wel 'n eie benadering in die sin dat dit die tradisionele historiese proses, naamlik om die verlede van "bo" af te rekonstrueer, met die handeling van die sentrale owerheid of nasionale figure in die brandpunt, omdraai. Die plaaslike geskiedenis bestudeer die verlede vanuit die plaaslike hoek en is veral geïnteresseerd in die kleiner gemeenskap en die handeling van die alledaagse mens in sy bepaalde omgewing (Bakkes, 1977, p.3).

#### 1.3.2.5 Samevatting

Dit is duidelik dat daar 'n noue verband is tussen plaaslike en nasionale geskiedenis, maar dat plaaslike geskiedenis verskil van nasionale geskiedenis ten opsigte van tyd en ruimte en dat die oorsprong, ontwikkeling, sukses en verval van 'n plaaslike gemeenskap ook 'n studiegebied in eie reg kan wees. Plaaslike geskiedenis probeer om op 'n logiese wyse deur middel van studie en navorsing die groei en ontwikkeling van 'n gemeenskap en sy instellings weer te gee. Talle aspekte van 'n plaaslike gemeenskap se geskiedenis moet dan ook soms hersien en oorgeskryf word omdat die bestudering van plaaslike dokumente heeltemal nuwe gegewens na vore bring (Hobbs, 1973, p.16-7).

Dit is duidelik dat oorspronklike plaaslike dokumente 'n baie belangrike rol speel in die bewaring en bestudering van plaaslike geskiedenis. Die rol van die openbare biblioteek in die verband is van die grootste belang.

## 2 DIE OPENBARE BIBLIOTEEK EN PLAASLIKE GESKIEDENIS

### 2.1 Die verhouding tussen die biblioteek en geskiedenis

Menslike kennis bestaan uit twee pole : die aktiewe en passiewe (of potensiele) kennis. Eersgenoemde is kennis wat elke oomblik in die menslike brein aanwesig en beskikbaar is vir gebruik deur die individu. Passiewe kennis is die neerslag van aktiewe kennis in dokumente waarin ons 'n weergawe kry van die ondervindings, waarnemings, denkwyses, ontdekkings, ensovoorts, van mense (Holmes, 1965, p.1). Dit gaan hier om die geskrewe en gedrukte weergawe van die geskiedenis in die vorm van dokumente, byvoorbeeld manuskripte en boeke.

Menslike vooruitgang is in 'n groot mate afhanklik van die groei en beskikbaarheid van die bronne van passiewe kennis. Die menslike ras bestaan reeds vir derduisende jare op aarde, maar die werklike beskawing het eers ongeveer vyf- tot sesduisend jaar gelede begin met die uitvinding van die skryfkuns. Dit was die skryfkuns wat dokumente as bronne van passiewe kennis daargestel het. Deur die skryfkuns het dit moontlik geword om passiewe kennis in dokumente van een geslag na 'n ander oor te dra sodat die aktiewe kennis van die mens ook op die wyse uitgebou kon word (Holmes, 1965,

p.1).

Vanaf die kleitablette van antieke Mesopotamië en papirusrolle van antieke Egipte en die Grieks-Romeinse wêreld tot by die hedendaagse mikroverfilming, loop daar 'n duidelike historiese lyn in die geskiedenis en ontwikkeling van biblioteke (Shera,1969,p.1). Die belangstelling van die mens in sy verlede, die wil om dokumente as bron van passiewe kennis te bewaar, die begeerte om vir toekomstige geslagte van die hede en verlede te vertel, dit alles het aanleiding gegee tot die daarstelling van biblioteke (Shera,1969,p.1).

Die bewaring van die toenemende aantal bronne van passiewe kennis is die verantwoordelikheid van die argivaris en die bibliotekaris. Hulle moet dit veilig en onpartydig bewaar en daarby moet hulle steeds na metodes soek om hierdie bronne in toenemende mate aan die mensdom beskikbaar te stel (Holmes,C1965,p.1).

Alhoewel daar verskille is tussen 'n biblioteek en 'n argief ten opsigte van die tipe materiaal en die metodes van bewaring en beskikbaarstelling daarvan, speel albei tog 'n belangrike rol in die bewaring van passiewe kennis in die vorm van dokumente. So versamel die argief hoofsaaklik manuskripte wat die geskrewe verslag van owerheidshandelinge daarstel, en die biblioteek manuskripte en gedrukte stukke

waarin die gedagtes van die menslike gees weergegee is (De Vleeschauwer, 1967, p.10). Die bibliotekaris en argivaris speel 'n belangrike rol in die bewaring van hierdie passiewe kennis en die een is aanvullend tot die ander.

Die skerp onderskeid tussen die biblioteek, die argief en ook die museum, is van 'n redelike resente datum – ongeveer vanaf 1800 met die toepassing van die Sentralisasiebeleid gedurende die Napoleon-tiese oorloë. Hoe verder ons in die verlede teruggaan, hoe kleiner was die verskil tussen bogenoemde drie (De Vleeschauwer, 1967, p.10).

Dit gaan dan by die biblioteek, netsoos by die argief, om die versameling en bewaring van menslike kennis in die vorm van dokumente. Die woord "biblioteek" dui die begrip "bewaring" dan ook duidelik aan want afgelei uit die Grieks beteken "biblion" (of "bublion") boek en "theke" beteken bergplek. As 'n versameling van boeke het die biblioteek, afgesien van 'n paar uitsonderings, hom die bewaring van die menslike kennis en die oorlewering daarvan aan die komende geslagte ten doel gestel. Dit is dus 'n versameling dokumente van die verlede aan die toekoms (De Vleeschauwer, 1967, p.10).

## 2.2 Die verhouding tussen die openbare biblioteek en geskiedenis

Een van die basiese vereistes vir die openbare biblioteek om sy doelstellings, naamlik, opvoeding, inligtingsverskaffing, estetiese waardering, navorsing en ontspanning te bereik, is die bewaring van boeke en verwante materiaal, byvoorbeeld tydskrifte, manuskripte en mikromateriaal. Dit is 'n vanselfsprekende vereiste, want sonder hierdie materiaal kan dit nie sy doelstellings bereik nie.

In 1948 het die American Library Association in sy National plan for public libraries die volgende vereiste ten opsigte van die bereiking van die openbare biblioteek se doelstellings gestel : "'... to assemble and preserve books and related materials in organized collections and, through stimulation and guidance, to promote their use, to the end that children, young people, men and women may have opportunity and encouragement : ' To educate themselves continuously ...'" (Friis,1962,p.14).

Feitlik vanaf sy stigting gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu, is die openbare biblioteek beskou as die versamelbron van historiese materiaal. Daar is veral klem op geleë dat 'n groot deel van die openbare biblioteek se versameling materiaal moet bevat wat van waarde sal wees vir huidige en toekomstige historici. Die belangrikheid van historiese materiaal in biblioteke is dan ook deur Edward Everett beskou as die hoofdoel van die Boston Public Library. Dit was juis die stig-

ting van dié biblioteek gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu wat aanleiding gegee het tot die vooruitgang van openbare biblioteke in die Verenigde State van Amerika (Shera,1969,p.70).

Dit was veral die professionele historici en oudheidkundiges wat aangedring het op die daarstelling van bewaarplekke vir historiese dokumente wat 'n groot impetus gegee het aan die vestiging van openbare biblioteke. Daar is selfs gekla dat die historiese bewustheid (of beheptheid) nadelig inwerk op die openbare biblioteek (Shera,1969,p.1).

Volgens Shera (1969,p.1) was die openbare biblioteek, meer as die groot nasionale en navorsingsbiblioteke, verantwoordelik vir die bewaring en verspreiding van historiese inligting. Daarom vervul die openbare biblioteek in die hedendaagse gemeenskap dan ook 'n belangrike rol in die uitbouing en bewaring van geskiedenis omdat geskiedenis alle vlakke van menslike kulturele aktiwiteite raak en die mens in sy optrede en denke gelei word deur dit wat in die verlede plaasgevind het.

Opsommend kan dit gestel word dat daar 'n baie nou verwantskap tussen plaaslike en nasionale geskiedenis is en dat die een aanvullend tot die ander is. Ten spyte daarvan dat plaaslike geskiedenis een van die hoekstene van nasionale geskiedenis is, is plaaslike geskiedenis tog 'n studiegebied in eie

reg. Aangesien die openbare biblioteek so 'n sterk "lokale" karakter het, is dit duidelik dat die openbare biblioteek hom moet toespits op die versameling van dokumente waarin die plaaslike geskiedenis van 'n stad of dorp beskryf word. Hierdie "verhouding" tussen die openbare biblioteek en plaaslike geskiedenis kan dan ook baie treffend saamgevat word in die woorde van die bekende Skotse historikus Thomas Carlyle : "In a sense all librarians are historians" (Anderson, 1958, p. 2003).

### 2.3 Die verhouding tussen die openbare biblioteek en plaaslike geskiedenis

Soos aangedui in paragraaf 2.2 is die versameling van historiese dokumente, veral plaaslike historiese dokumente, reeds gedurende die vyftigerjare van die negentiende eeu as een van die belangrikste funksies van die openbare biblioteek beskou. In baie gevalle is so 'n plaaslike geskiedenisversameling dan ook beskou as die voorloper van die plaaslike biblioteek.

Met die vestiging van openbare biblioteke in Engeland deur die Public Libraries Act van 1850, is dit baie sterk beklemtoon dat die plaaslike geskiedenisversameling 'n baie belangrike deel van 'n biblioteek se versameling moet wees. So het Londen se Guildhall Library plaaslike dokumente sedert 1824 versamel. Liverpool se versameling, verkry

in 1854, het feitlik die kern van die biblioteek gevorm (Hobbs,1973,p.43). 'n Vraelys wat gedurende Junie 1970 aan biblioteekowerhede in Engeland gestuur is, het aangetoon dat 64% uit 'n totaal van 309 biblioteke aandag gee aan die daarstelling, verbetering en uitbouing van plaaslike versamelings (Hobbs,1973,p.43).

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se Standaard vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke (1968,p.27) bepaal ook dat : "Alle biblioteke behoort boeke, pamflette, uitknipsels, foto's, programme, plakkate en ander materiaal oor hul omgewing vir toekomstige geslagte te bewaar ... Die versamelings behoort so omvattend moontlik te wees en geïndekseer te word vir maklike gebruik." Die selfde doel word nagestreef in die Handleiding vir plattelandse biblioteekowerhede van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens (1963, p.15).

Die openbare biblioteek het 'n verpligting teenoor sy gemeenskap om plaaslike dokumente te versamel, want hy vorm 'n inherente deel van die historiese, kulturele en sosiale ontwikkeling van 'n gemeenskap. Die openbare biblioteek is afhanklik van die gemeenskap wat hy bedien en as sodanig is hy dan ook verantwoordelik vir die bewaring van die dokumente van daardie gemeenskap. Op die wyse sal die openbare biblioteek ook baie meer erkenning kry

as 'n belangrike sosiale en kulturele instelling en sal die negatiewe houding wat deur 'n deel van die publiek teenoor die openbare biblioteek openbaar word, ook tot 'n groot mate verdwyn. Volgens Hobbs (1955,p.153) is dit hoofsaaklik die invloed van die plaaslike geskiedenisversameling in kleiner openbare biblioteke wat die gemeenskap 'n meer positiewe houding teenoor die openbare biblioteek laat inneem.

Dit is dan die taak van die openbare bibliotekaris om so ver moontlik, al die plaaslike geskiedenis-materiaal, hoe gering ookal, te versamel. Die waardebeplanning daarvan kan aan die nageslag oorge- laat word want wat dalk vir die huidige geslag van min waarde is, mag dalk in die toekoms groot his- toriese waarde hê (Egarr,1935,p.190).

## 2.4 Plaaslike geskiedenisversamelings en die openbare biblioteek

Voordat oorgegaan word tot 'n bespreking van die plek van plaaslike geskiedenisversamelings in die openbare biblioteek, is dit nodig dat 'n aantal begrippe eers omskryf word.

### 2.4.1 Wat is 'n dokument?

Die Woordeboek van die Afrikaanse taal (1956,p.229) definieer 'n dokument as 'n "Geskrewe, getikte of

gedrukte stuk, as bewysstuk eg en waar; oorspronklike of amptelike stuk, akte; oorkonde. By uitbr., enige geskrif, boek of ding wat inligting meedeel, enige stoflike voorwerp, soos 'n muntstuk of 'n klip, waarop die voorstelling van menslike gedagtes by wyse van tekens of simbole voorkom." Vir die doeleindes van die openbare biblioteek kan 'n dokument beskryf word as enige geskrif wat inligting meedeel (HAT,1970,p.122).

Sir Hilary Jenkinson (1965,p.6-7) beskryf 'n dokument ook as "all manuscript in whatever materials made, all script produced by writing machines, and all script mechanically reproduced by means of type, type-blocks and engraved plates or blocks : adding to these all other material evidences, whether or not they include alphabetical or numerical signs, which form part of or are annexed to, or may be reasonably assumed to have formed part of or been annexed to, specific documents thus defined."

Die begrip "rekord" (Engels : "record") word ook in dieselfde verband as 'n dokument gebruik. 'n Kommissie wat in 1902 in Engeland aangestel is om ondersoek in te stel na plaaslike dokumente, het dit in sy verslag so gestel : "We treat the expression 'local records' as meaning documents of historical importance and interest which relate to a particular place or district" (Walton,1938,

p.17).

T.R. Schellenberg (1956,p.16) se definisie van rekords toon ook aan dat dit dieselfde betekenis as dokumente het : "All books, papers, maps, photographs, or documentary materials, regardless of physical form or characteristics ...."

Soms word die begrip "rekord" ook in verband gebring met die begrip "argief". Hierdie siening kry ons veral in Engeland. Hiervolgens word rekords beskou as dokumente wat 'n beskrywing gee van wat plaasgevind het en wat bewaar word na die bepaalde gebeurtenis (Holmes, 1965,p.2).

Ander terme wat ook soms gebruik word, is "bronne" en "stukke". Die begrip "bron" is 'n algemene omvattende term en dit verwys dan ook na enigiets wat inligting bevat (Brooks,1969,p.2). "Stukke" word ook as dokumente beskou (HAT,1970,p.586).

#### 2.4.2 Die plaaslike geskiedenisversameling

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die plaaslike geskiedenisversameling uit 'n groot aantal tipes dokumente, byvoorbeeld manuskripte en boeke kan bestaan. In so 'n geskiedenisversameling moet daar egter 'n onderskeid gemaak word tussen twee tipes versamelings, naamlik die argiefversameling en die ongeordende versameling dokumente (kortweg

genoem die dokumentversameling).

#### 2.4.2.1 Die argiefversameling

Die woord "argief" en sy Engelse ekwivalent "archives", is afgelei van die Griekse woord "archeion". Die Shorter Oxford English dictionary (1968,p.94) definieer 'n argief as "a place in which public records or other important historic documents are kept" en "a historical record or document so preserved". Dit gaan eerstens in die definisie om die gebou waarin die dokumente gehuisves word en tweedens om die dokumente-neerslag van 'n kantoor, 'n departement, 'n organisasie of 'n individu (Buys,1959,p.28).

Die woord "argief" of "argiefversameling" verwys vir ons doeleindes na die dokumente-neerslag.

Bogenoemde definisie gee egter nie 'n duidelike omskrywing van wat 'n argiefversameling presies is nie. Argivarisse in verskillende lande het dan ook oor die jare verskillende definisies aan 'n argief gegee. Elkeen van hierdie argivarisse het die begrip "argief" so gedefinieer dat dit toegepas kon word op die dokumente-neerslag van die bepaalde land (Buys,1959,p.29).

Muller, Feith en Fruin (1940,p.13) definieer 'n argief so : "An archival collection is the whole of

the written documents, drawings and printed matter, officially received or produced by an administrative body or one of its officials, in so far as these documents were intended to remain in the custody of that body or of that official". Hilary Jenkinson (1965,p.11) beweer dat argiewe dokumente is ".... drawn up or used in the course of an administrative or executive transaction (whether public or private) of which itself formed a part, and subsequently preserved in their own custody for their own information by the person or persons responsible for that transaction and their legitimate successors".

In hierdie opvattinge oor argiewe is dit fundamenteel dat die organisiese eenheid van die dokumente bewaar moet bly want so word 'n duidelike beeld gegee van die organisasie wat die dokumente geskep het (Buys,1959,p.30).

Beide definisies bevat elemente van tasbare en nie-tasbare sake. Die tasbare sake verwys na die vorm van die argiewe, na hulle oorsprong en na die plek van hulle bewaring wat nie 'n vereiste vir argivaliese waarde is nie. Die nie-tasbare sake het egter twee elemente wat noodsaaklik is vir argivaliese waarde (Schellenberg,1956,p.13).

Die eerste element verwys na die redes waarom dokumente geskep is. Dit is van belang hoe die do-

kumente ontstaan het. As hulle ontstaan het in die loop van 'n doelgerigte en georganiseerde werksaamheid en as hulle geskep is in die proses om een of ander definitiewe, administratiewe, wettige onderneming te vervul, dan het die dokumente argivaliese waarde (Buys, 1959, p.30).

Die tweede element verwys na die redes waarom dokumente bewaar moet word. Indien die dokumente bewaar word vir ander redes buiten die waarvoor dit oorspronklik geskep is, byvoorbeeld vir navorsing, dan het dit ook argivaliese waarde.

'n Derde element word ook deur Jenkinson bygevoeg (1965, p.11). Dit verwys na die eienaarskap van dokumente. Hy lê nadruk daarop dat die ketting van verantwoordelikheid, vanaf die skepping van die dokumente tot hulle bewaring, onafgebroke moet wees sodat hulle betekenisvolle inhoud gehandhaaf kan word.

Volgens Schellenberg (1956, p.14-5) is dit nie moontlik nie, want moderne argiefversamelings is gewoonlik van 'n baie groot omvang en het dit moontlik deur die jare van eienaar verwissel. Dit veroorsaak dan dat die oorspronklike eienaarskap gladnie vasgestel kan word nie. 'n Argief sal sulke versamelings aanvaar op voorwaarde dat dit voldoen aan die ander vereistes wat vir 'n argiefversameling geld en dat so 'n versameling werklik

behoort het aan die eienaar wat dit skenk. 'n Argiefversameling verloor dus nie noodwendig sy argivale karakter indien dit as 'n eenheid van sy eienaar na 'n bergplek, byvoorbeeld 'n argief of 'n biblioteek, oorgeplaas word nie.

Schellenberg (1956,p.15) benadruk dan ook die noodsaaklikheid om moderne argiefversamelings beter te omskrywe en te keur omdat dit tans, met die geweldige toename van dokumente, een van die grootste probleme van die moderne argivaris is om 'n goeie keuring van argiefmateriaal te maak. In 'n definisie vir argiewe, moet die keuringsfaktor duidelik aangedui word. Hy definieer 'n moderne argiefversameling so : "Those records of any public or private institution which are adjudged worthy of permanent preservation for reference and research purposes and which have been deposited or have been selected for deposit in an archival institution" (Schellenberg,1956,p.16).

Hierdie definisie sluit nou aan by die definisie van J.L. Hobbs (1973,p.108). Hy maak gebruik van die definisie van die Master of the Rolls Archives Committee en dit lui : "All documents (except documents to which the Public Record Office Acts and the Probate Acts apply), accumulated and preserved by a natural process in the course of the conduct of affairs of any kind, public or private, at any date, and surviving in the keeping of the

persons responsible for the business or their successors". Die laaste element, naamlik die van opvolgers is belangrik, want dit kan ook so omskryf word dat dit biblioteke en instansies wat hulle toespits op museumversamelings, byvoorbeeld staatsargiewe, museums en individue, insluit.

Daar is egter 'n belangrike verskil tussen die definisie van Muller, Feith en Fruin en die definisies van Jenkinson, Schellenberg en Hobbs. Eersgenoemde het betrekking op afgeslote argiewe, dit wil sê die kantoor wat die dokumente geskep het, bestaan nie meer nie en die dokumente is in hulle geheel na 'n argief oorgeplaas. Laasgenoemde het betrekking op "lewende" argiewe, dit wil sê die kantoor wat die dokumente geskep het, bestaan nog en slegs 'n gedeelte van die argiefversameling van die kantoor is reeds na 'n argief oorgeplaas. Die meer resente dokumente word dan nog deur die kantoor of individu gebruik vir daaglikse administratiewe doeleindes (Buys, 1959, p.31).

Opsommend is dit duidelik dat daar geen finale definisie vir 'n argiefversameling is nie en dat die definisie aangepas moet word na gelang van 'n land of streek se eie besondere behoeftes en die tipe argiefversamelings (Buys, 1959, p.32).

Nieteenstaande die verskillende definisies, staan die wesenlike eienskappe van argiefversamelings in

direkte verband tot die redes wat aanleiding gegee tot die skepping van dokumente en die redes waarom dit bewaar moet word. Indien die dokumente voortgebring en bewaar is om 'n spesifieke doel te dien, kan so 'n versameling aanspraak maak op die status van 'n argiefversameling (Buys, 1959, p.32).

#### 2.4.2.2 Die ongeordende dokumentversameling (kortweg genoem 'n dokumentversameling)

'n Ongeordende dokumentversameling bestaan gewoonlik uit 'n aantal los dokumente waarin daar geen organisiese eenheid is nie. 'n Duidelike beeld kan gevolglik ook nie gegee word van die organisasie wat die dokumente geskep het nie (Redstone & Steer, 1953, p.2).

So kan die dokumente van 'n kantoor of individu wat op verskillende plekke geberg word, nie as 'n argiefversameling bestempel word nie. Sodra dit saamgevoeg word in 'n argief of biblioteek, en die organisiese eenheid word herstel, vorm dit 'n argiefversameling.

Schellenberg (1956, p.20) gaan van die veronderstelling uit dat indien die plek, personeel en finansies dit toelaat, die ongeordende tipe dokumentversameling apart van die argiefversameling gehou moet word. In 'n openbare biblioteek, wat gewoonlik 'n tekort aan fondse en opgeleide personeel

ondervind, is dit nie moontlik nie en moet die argief- en dokumentversamelings saam geadministreer word. Daar moet egter altyd 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die twee tipes versamelings en die metodologie wat op elkeen van toepassing is.

Sulke dokumentversamelings het wel belangrike navorsingswaarde en dit kan aanvullend tot argiefversamelings gebruik word. Dit kan egter nie ontken word nie dat dokumente wat so uit verband bymekaar geplaas word, die taak van 'n navorser baie bemoeilik omdat die inligting wat in 'n enkele of aantal los dokumente is baie moeilik in verband met die geheel van 'n bepaalde onderwerp gebring kan word.

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die verskil tussen die argiefversameling en die dokumentversameling, nie lê in die vorm van die dokumente nie, maar in die organiese eenheid van die dokumente in die versamelings.

Alle argiefversamelings in 'n openbare biblioteek is dokumentversamelings, maar alle dokumentversamelings is nie argiefversamelings nie.

## 2.5 Die plek van die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek

Oor die plek en taak van die plaaslike geskiedenis-  
versameling, veral van die argiefversameling in  
die openbare biblioteek, is daar die afgelope jare  
veel geskryf.

In paragraaf 2.3 is aangedui dat die openbare  
biblioteek eintlik verplig is om die plaaslike do-  
kumente van die gemeenskap wat hy dien, te versamel.  
Tog het daar, veral van die kant van argivaris,se,  
sterk beswaar gekom teen die openbare biblioteek as  
bewaarplek van argiefversamelings.

Die verskil tussen argivaris,se en bibliotekarisse  
oor die plek van argiefversamelings in die openbare  
biblioteek kan veral toegeskryf word aan twee  
faktore :

(1) die wyse waarop 'n biblioteek- en 'n argief-  
versameling tot stand kom; en, (2) die wyse waarop  
dokumente ingeskakel word in 'n biblioteek of ar-  
gief (Schellenberg, 1956, p.17).

Wat eersgenoemde faktor betref kom dit daarop neer  
dat daar 'n groot verskil is tussen die wyse waar-  
op 'n argief- en 'n biblioteekversameling tot stand  
kom. Die dokumente in 'n argiefversameling, onge-  
ag hulle fisiese vorm, byvoorbeeld manuskripte of  
boeke, het as 'n eenheid ontstaan gedurende die  
doelgerigte en georganiseerde werksaamhede van 'n  
organisasie of individu. In hulle rangskikking

kry ons 'n weerspieëling van die werksaamhede van die organisasie of individu. Die waarde van die dokumente word dan ook bepaal deur hulle organiese verhouding tot die organisasie wat hulle geskep het en deur die eenheidsverhouding tussen die dokumente onderling.

'n Biblioteekversameling daarenteen bestaan uit losstaande, aparte eenhede, byvoorbeeld boeke. Elkeen van die eenhede se waarde en betekenis is heeltemal onafhanklik van die ander eenhede (Schellenberg, 1956, p.17).

Ten opsigte van die wyse waarop dokumente in 'n biblioteek- of argiefversameling ingeskakel word, is daar ook 'n groot verskil : Argiewe ontvang dokumente terwyl biblioteke dit versamel. 'n Argief het gewoonlik een bron waarvandaan dokumente ontvang word : So ontvang 'n staatsargief hoofsaaklik dokumente van verskillende staatsinstansies of 'n kerkargief ontvang dokumente van 'n bepaalde kerkgenootskap (Schellenberg, 1956, p.19).

Biblioteke daarenteen versamel materiaal vanuit 'n baie groot terrein. Biblioteke ontvang nie dokumente van bepaalde organisasies of individue nie, maar versamel vanoor die hele wêreld dokumente wat oor uiteenlopende onderwerpe handel (Schellenberg, 1956, p.19).

Die verskille tussen die materiaal in 'n argief en biblioteek gee ook aanleiding tot verskille in werksmetodes : 'n Argivaris keur 'n dokument in verhouding tot ander dokumente terwyl die bibliotekaris 'n boek as 'n eenheid keur. Die dokumente in 'n argiefversameling word geklassifiseer volgens hulle herkoms en in verhouding tot die organisasie-struktuur van die liggaam wat hulle geskep het. Biblioteekmateriaal word geklassifiseer volgens 'n voorafbepaalde klassifikasieskema wat glaanie deur 'n argivaris gedoen kan word nie, want dan word die organiese eenheid van die argiefversameling verstoort (Schellenberg, 1956, p.22).

Biblioteekmateriaal word ook hoofsaaklik as aparte eenhede gekatalogiseer terwyl argiefmateriaal in groepe gekatalogiseer word (Schellenberg, 1956, p. 22-3).

So is daar talle verskille tussen die biblioteek en die argief wat materiaal, werksmetodes en organisasie betref. Dit is juis dié verskille wat daartoe aanleiding gegee het dat argivaris se biblioteke nie as doeltreffende bewaarplekke vir argiefversamelings beskou nie. So is argivaris se besorg oor die feit dat bibliotekaris se nie altyd bewus is van die grondliggende verskille tussen argief- en biblioteekversamelings nie — dat bibliotekaris se dieselfde beginsels wat in die biblioteekkunde geld ook op argiefversamelings sal

toepas. Verdere besware deur argivarisse is dat bibliotekarisse nie argivale opleiding gehad het nie en dat biblioteekgeboue heeltemal ontoereikend is om argiefversamelings in te huisves.

Gedurende 1901 het die Committee on Local Records aanbeveel dat openbare biblioteke in Engeland oor die algemeen nie as bewaarplekke vir plaaslike dokumente moes dien nie. Hiervan het daar gelukkig nie veel tereggekome nie en uit die Komitee se ondersoek blyk dit dan ook dat openbare biblioteke in die meeste gevalle tog maar die aangewese plek was vir die bewaring van plaaslike dokumente (Hobbs, 1949,p.177).

Teenstand teen die openbare biblioteek as bewaarplek van plaaslike dokumente is dus eintlik niks nuut nie en tot dusver is steeds daarin geslaag om aan al die eise van argivarisse te voldoen (Hobbs,1949,p.177).

Soos reeds in paragraaf 2.3 gemeld, het openbare biblioteke in Engeland deur die Public Libraries Act van 1850 tot stand gekom en hulle het dadelik begin om plaaslike dokumente te versamel. Verdere ontwikkelings in Engeland het daartoe aanleiding gegee dat die openbare biblioteek, ten spyte van baie tekortkominge, hom al meer toegespits het op plaaslike dokumente. Teen die einde van die negentiende en begin van die twintigste eeu was dit feitlik nêr die openbare biblioteek en 'n paar plaaslike ver-

enigings wat aktief besig was met die versameling en bewaring van plaaslike dokumente (Hodson, 1972, p.67).

In die jare voor 1919 het argivarisse beweer dat bibliotekarisse nie kennis dra van die argiefwese nie. Hierdie kritiek het tot gevolg gehad dat die School of Librarianship van die University of London 'n kursus in paleografie en argiefwetenskap in sy leerplan ingesluit het (Hodson, 1972, p.67)

In 1921 het die Library Association ook so 'n leerplan ingestel en dit word vandag nog gevolg (Hobbs, 1973, p.109).

Sedert die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n geweldige toename in plaaslike dokumente. Nuwe ontwikkelings het gevolg, byvoorbeeld die daarstelling van die National register of archives in 1945 ('n Register van alle argiefversamelings in Engeland) en die stigting van die Society of Local Archivists in 1946. Ook het graafskapargiewe (county record offices) al hoe meer op die voorgrond getree as versamelaars van plaaslike dokumente in graafskappe (Hodson, 1972, p.68).

Dit het alles net daartoe aanleiding gegee dat biblioteke hulle meer toegespits het op plaaslike dokumente en in 1961 het die Library Association 'n opname gemaak van plaaslike geskiedenisversamelings in alle biblioteke in Engeland. 'n Vraelys is aan

673 biblioteke gestuur en 214 biblioteke het aangedui dat hulle manuskripte versamel. Van die 214 biblioteke wat die vraelys beantwoord het, was 73 openbare biblioteke (Hodson,1972,p.68-70).

Deur 'n vergelyking te tref met 'n opname wat in 1951 gemaak is, het Philip Hepworth (1958,p.70) tot die slotsom gekom dat die toenemende belangstelling in plaaslike geskiedenis veroorsaak het dat die manuskripversamelings in plaaslike, openbare en universiteitsbiblioteke baie uitgebrei het.

In 1957 het die Library Association 'n beleidsverklaring : The place of archives and manuscripts in the field of librarianship, uitgereik. Ten spyte van kritiek teen die verklaring kan dit egter as een van die belangrikste riglyne ten opsigte van plaaslike geskiedenisversamelings in die openbare biblioteek beskou word. Die aanhef van die beleidsverklaring lui : "The acquisition of archives and manuscripts is a legitimate purpose of libraries serving the interests of scholarship and research". (Hobbs,1973,p.304).

Belangrike sake wat in hierdie beleidsverklaring genoem word, handel onder andere oor die wyse van bewaring van plaaslike dokumente, die beskikbaarheid van dokumente vir navorsing, voldoende werksruimte, die beskikbaarheid van soeklyste, katalogi, indekse en naslaanwerke asook die reprodusering en

herstel van dokumente. Aandag word ook gegee aan die opleiding en kwalifikasies van biblioteekpersoneel wat met argiefversamelings werk en die rol van opgeleide argivarisse in biblioteke (Hobbs,1973,p. 304-6).

Ook in die Verenigde State van Amerika het biblioteekskole aandag begin gee aan die opleiding van argivarisse : In 1970 het die Society of American Archivists en die American Library Association 'n ALA-SAA Joint Committee on Library Archives Relationships tot stand gebring. Een van die gevolge hiervan was die instelling van formele opleidingsprogramme vir argivarisse as 'n spesialiteitsrigting in biblioteekskole, byvoorbeeld aan die Case Western Reserve University (Bekker,1978,p.33).

## 2.6 Samevatting

Openbare biblioteke het dus vanaf hulle ontstaan plaaslike dokumente versamel. Dit kan ook aanvaar word dat openbare biblioteke wat tans plaaslike dokumente op 'n aktiewe en doelgerigte wyse versamel, steeds sal voortgaan om dit te doen. Dit kan slegs voordelig wees vir plaaslike geskiedenis want in die huidige tydsgewrig is geen enkele instansie, of dit nou 'n argief of 'n biblioteek is, in staat om al die dokumente van 'n bepaalde gebied te versamel en te bewaar nie (Redstone & Steer,1953, p.29).

Die bewaring van die plaaslike dokumente van 'n dorp is 'n taak wat energieke en toegewyde optrede verg van almal wat belangstel in die plaaslike geskiedenis. Die openbare bibliotekaris, wat 'n plig teenoor sy gemeenskap het om die gemeenskap se geskiedenis te bewaar, moet in die opsig die grootste nougesetheid aan die dag lê (Bryon, 1961, p.374).

### 3 DIE PLAASLIKE GESKIEDENISVERSAMELING

#### 3.1 Inleiding

Soos reeds aangetoon in paragraaf 2.4.2, kan argief- en dokumentversamelings van die belangrikste versamelings in die plaaslike geskiedenisversameling van 'n openbare biblioteek wees.

So 'n plaaslike geskiedenisversameling bestaan egter nie net uit argief- en dokumentversamelings nie. Gedrukte dokumente in die vorm van boeke, pamflette, plaaslike koerante en tydskrifte, foto's, prente en kaarte kan almal belangrike aanvullende stof tot die versamelings wees.

In baie gevalle bestaan 'n plaaslike geskiedenisversameling net uit gedrukte dokumente (Hobbs, 1973, p.7). Dit sal veral die geval wees in kleiner openbare biblioteke wat nie altyd die nodige ruimte, geld en personeel het om ook manuskripte te hanteer nie.

Voordat oorgegaan word tot 'n bespreking van die verskillende soorte dokumente in 'n plaaslike geskiedenisversameling, is dit nodig dat die grense van die plaaslike gebied waaroor die dokumente handel, baie duidelik afgebaken moet word.

### 3.2 Terreinafbakening van die plaaslike geskiedenisgebied

Indien 'n openbare biblioteek besluit dat hy hom gaan toespits op die versameling van plaaslike dokumente, is dit eerstens 'n vereiste dat hy hom moet vergewis van die grense van die gebied waaroor die dokumente handel. Hierdie grense kan, of die grense van die plaaslike munisipale gebied wees, of die van die landdrosdistrik (Ogilvie, 1955, p.24). Sommige bibliotekarisse spits hulle toe op 'n besigheidsarea en omliggende woongebiede binne 'n radius van 'n bepaalde getal kilometers (Hobbs, 1973, p.212-3).

Sekere faktore kan egter 'n baie groot invloed uitoefen op die grootte van die gebied wat deur die plaaslike geskiedenisversameling gedek word. 'n Belangrike faktor is die nabyheid van ander dorpe en stede met 'n openbare biblioteek. Dit kan daartoe aanleiding gee dat versamelings mekaar oorvleuel, maar indien daar goeie samewerking tussen bibliotekarisse is, kan die probleme verbonde aan oorvleueling uitgeskakel word en kan biblioteke hulle toespits op die meer spesifieke aspekte van hulle plaaslike geskiedenis (Hobbs, 1973, p.210-2).

'n Ander faktor wat deur bibliotekarisse in aanmerking geneem moet word, is die verandering van munisipale grense (Hobbs, 1973, p.211). Dit kan ver-

oorsaak dat 'n gebied verklein en dat 'n bibliotekaris dalk van sy plaaslike versameling aan 'n ander biblioteek sal moet oordra.

Die skepping van nuwe biblioteke in 'n bepaalde gebied is ook 'n belangrike faktor (Hobbs,1973,p.211). Om samewerking tussen verskillende tipes biblioteke te bevorder, kan hulle ooreenkom dat elkeen hom sal toespits op bepaalde aspekte van die plaaslike geskiedenis.

'n Verandering in die gebruikspatroon van gebruikers kan veroorsaak dat bibliotekarisse die omvang van hulle versamelings moet verminder en hulle meer daarop moet toespits om materiaal in "diepte" te versamel (Hobbs,1973,p.211). Op die wyse is dit dan vir bibliotekarisse moontlik om hulle aandag aan meer besonderhede in 'n versameling te skenk en kan hulle terselfdertyd ook 'n beter diens aan die gebruiker lewer. Volgens Ogilvie (1955,p.24) is dit voordeliger om op 'n klein, verteenwoordigende versameling te konsentreer, eerder as op 'n omvangryke versameling wat baie moeilik hanteerbaar is.

Die bibliotekaris moet nooit uit die oog verloor dat sy plaaslike gemeenskap ook deel vorm van die groter nasionale eenheid nie. Daarom kan hy ook die bronne waaarin nasionale geskiedenis behandel word en waarin sy plaaslike gemeenskap 'n be-

langrike rol speel, met oorleg inskakel by die plaaslike geskiedenisversameling (Anderson,1958, p.2004).

### 3.3 Bepaling van insamelingsbeleid

Voordat daadwerklik oorgegaan word tot die insameling van dokumente, is dit nodig dat 'n duidelike insamelingsbeleid vooraf bepaal moet word. Die belangrikste oorwegings hier is die beskikbaarheid van fondse, personeel en die nodige ruimte (Anderson,1958,p.2004).

Die bibliotekaris kan verskillende moontlikhede oorweeg by die insameling van dokumente :

In die eerste plek kan hy besluit om bloot te volstaan met die dokumente wat hy reeds het en om slegs die dokumente wat ongevraag in die biblioteek se besit kom, by te voeg. Daar word ook nie deur hom in die begroting vir die uitbouing van die plaaslike versameling voorsiening gemaak nie en personeel word net nou en dan afgesonder om die ongevraagde dokumente te orden. Dit is natuurlik 'n baie negatiewe en passiewe benadering wat sal veroorsaak dat die versameling steeds staties sal bly (Anderson,1958,p.2004).

'n Tweede moontlikheid wat deur die kleiner openbare biblioteek oorweeg kan word, is dat 'n nominale

bedrag uit die begroting gebruik word vir 'n plaaslike versameling en dat sekere personeel op bepaalde tye die ordening van die versameling behartig. Dit sal meebring dat die bibliotekaris hom daarop sal moet toespits om dokumente so ver moontlik gratis te ontvang of om die minimum vir 'n stuk te betaal (Anderson,1958,p.2004).

Die derde moontlikheid, en sekerlik ook die mees ideale, is dat 'n bepaalde persoon op die biblioteek se personeel aangewys word as kurator van die plaaslike geskiedenisversameling. Met die nodige fondse en ruimte beskikbaar, sal dan van so 'n persoon verwag kan word om hom voltyds toe te spits op die uitbouing van 'n plaaslike versameling. So 'n versameling sal steeds aktief groei, beide wat betref ou en resente materiaal (Anderson,1958,p.2004).

Die doeltreffende en suksesvolle insameling van dokumente is 'n veeleisende taak wat die volle aandag sal verg van die persoon wat vir die insameling verantwoordelik is.

Insameling vereis eerstens doeltreffende reklame en publisiteit met 'n doelgerigte bewusmaking van die publiek dat feitlik alle dokumente historiese waarde het en daarom bewaar moet word (Oberholster, 1969,p.301).

In die tweede plek vereis die insameling van dokumente van die bibliotekaris nie net 'n algemene kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, maar ook 'n kennis veral van daardie spesifieke terrein waarop die dokumente van toepassing is (Oberholster, 1969, p.301).

Ten derde moet daar in die proses van insameling volgehoue skakelwerk gedoen word, want private dokumente kan eintlik net op een manier ingesamel word, naamlik deur persoonlike skakeling en besoek. Insameling moet planmatig wees en 'n potensiële skenker moet met groot omsigtigheid benader word. Wanneer daar dan 'n persoonlike onderhoud plaasvind tussen die skenker en die bibliotekaris, moet albei goed op die hoogte wees van waarom dit gaan (Oberholster, 1969, p.301).

### 3.4 Die soorte dokumente in 'n plaaslike geskiedenisversameling

Nadat die grense van die plaaslike gebied waaroor dokumente versamel gaan word, vasgestel is, en nadat 'n insamelingsbeleid neergelê is, moet die bibliotekaris besluit watter soorte dokumente hy gaan versamel.

Die openbare biblioteek moet daarna streef om, binne die raamwerk van die neergelegde beleid, elke geskrewe of gedrukte stuk wat oor sy bepaalde ge-

bied handel, in die plaaslike versameling in te sluit. Dit sluit in elke manuskrip, boek, pamflet, tydskrif, koerant, kaart of foto. Ook kan hy hom daarop toespits om sekere dokumente, byvoorbeeld boeke wat in die bepaalde gebied gedruk is, te bekom. In laasgenoemde geval is dit natuurlik onmoontlik om al die dokumente wat in die gebied gedruk is, te bekom, en kan hy hom net toespits op sekere uitstaande stukke, byvoorbeeld boeke met besondere goeie drukwerk.

Die ideaal moet wees om stukke te versamel waarin 'n beskrywing gegee word van die ontwikkeling van 'n plaaslike gebied op alle terreine, elke verandering wat die gebied ondergaan het, die gebruikmaking van die gebied deur die gemeenskap, die geskiedenis van die inwoners van die gebied, die ontwikkeling van die gemeenskap, hulle huise, aktiwiteite, handwerk en vermaaklikhede (Sayers, 1939, p.24-5).

Die verskillende soorte dokumente in die openbare biblioteek se plaaslike geskiedenisversameling kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word : gedrukte dokumente; manuskripte en prenteversameling.

### 3.4.1 Gedrukte dokumente

#### 3.4.1.1 Boeke

Van die belangrikste dokumente in 'n plaaslike ge-

skiedenisversameling is die gedrukte boek waarin die lewenswyse van 'n gemeenskap en 'n beskrywing van die omgewing waarin die gemeenskap woon, op 'n fiktiewe of wetenskaplike wyse weergegee word.

Sommige bibliotekarisse gaan van die standpunt uit dat boeke en ander gedrukte dokumente, byvoorbeeld pamflette, slegs aanvullende materiaal tot argief- en dokumentversamelings is en dat dit nie as 'n aparte groep dokumente in die plaaslike geskiedenisversameling geplaas mag word nie. Hierdie gedrukte dokument moet, volgens hierdie beskouing, tussen die ander boeke in die biblioteek geplaas word en die katalogus en klassifikasiestelsel sal die gebruiker dan na die spesifieke boek oor plaaslike geskiedenis lei. Hierdie standpunt kan herlei word na die beskouing dat die argief- en dokumentversamelings in 'n plaaslike versameling net bestaan uit manuskripte, en omdat manuskripte 'n eie bepaalde karakter het, mag slegs manuskripte in 'n plaaslike geskiedenisversameling geplaas word.

Aangesien daar reeds in paragraaf 3.4 aangetoon is dat 'n bibliotekaris elke geskrewe of gedrukte dokument wat oor sy bepaalde gebied handel in 'n plaaslike versameling moet probeer insluit, kan bogenoemde beskouing nie aanvaar word nie. Hiermee gaan die hele idee van 'n plaaslike geskiedenisversameling verlore omdat die versameling op die wyse feitlik deur die biblioteek versprei word.

Die gevaar bestaan ook dat, indien gedrukte dokumente, byvoorbeeld boeke, tussen die ander boeke in die biblioteek geplaas word, die organiese eenheid van argiefversamelings nie tot hulle volle reg sal kom nie.

Die ideaal is dat so 'n plaaslike versameling heeltemal apart gehou moet word omdat dit op die wyse nie alleenlik meer aandag trek nie, maar omdat so 'n aparte versameling ook beter aan sy doelstellings, naamlik bewaring en navorsing, kan voldoen (Quinn & Cartwright, 1968, p.13).

Volgens G.D. Quinn en J.F. Cartwright (1968, p.13) moet die boeke in 'n plaaslike versameling net soos die ander boeke in die biblioteek behandel word. Op die kataloguskaart kan dan net 'n bepaalde simbool geplaas word om aan te dui dat die boeke in die plaaslike geskiedenisversameling is.

Hiermee hang ook ten nouste saam die duplisering van boeke in verskillende versamelings in die biblioteek. Sommige bibliotekarisse meen dat boeke van 'n plaaslike aard eers in die leen- of naslaanversameling geplaas moet word en indien daar dan nog 'n kopie beskikbaar is, kan dit in die plaaslike geskiedenisversameling geplaas word. Daar word geredeneer dat die ander versamelings makliker toeganklik is vir gebruikers.

Hierin is 'n mate van waarheid, maar die plaaslike versameling hoef nie noodwendig vir die publiek geslote te wees nie - intedeel, dit kan net so toeganklik vir die publiek wees soos die naslaanversameling. G.D. Quinn (1968,p.14) verklaar tereg dat addisionele kopieë van basiese werke oor die plaaslike geskiedenis in die algemene versameling geplaas kan word.

'n Beleid oor die plasing van addisionele kopieë in biblioteekversamelings, kan van biblioteek tot biblioteek verskil. Bepalende faktore is onder andere die toeganklikheid van versamelings, die waarde wat deur die plaaslike gemeenskap aan so 'n plaaslike versameling geheg word en die omvang van die plaaslike dokumente. Biblioteke wat in streke geleë is wat baie ryk is aan plaaslike geskiedenis en plaaslike dokumente, kan eerder probeer om eers hulle plaaslike versameling volledig te kry en dan die leen- en naslaanversameling.

In boeke word die historiese, sosiale, kulturele en ekonomiese aard van 'n plaaslike gemeenskap beskryf. Hierdie beskrywings hoef nie altyd wetenskaplik van aard te wees nie, maar dit kan ook fiksie insluit soos historiese en letterkundige romans, gedigte, toneelopvoerings, dramas, ens. (Hobbs,1973,p.48). Bibliotekarisse is soms bang om fiksie in te sluit, maar dit kan ook aanvullend tot wetenskaplike boeke gebruik word. Dit verleen soms meer "kleur" en

"karakter" aan 'n versameling. Die bibliotekaris moet hom egter laat lei deur die inhoud van 'n boek en nie sommer onbenullige stories oor 'n gemeenskap in die versameling plaas nie.

Seldsame boeke wat oor 'n dorp of streek handel, kan ook 'n belangrike rol in 'n versameling speel omdat dit die waarde van 'n plaaslike versameling in geheel verhoog. Herdrukke van seldsame boeke is redelik vrylik beskikbaar en dit is ook baie goedkoper as die oorspronklike werk (Sealock,1964,p.187).

Plaaslike skrywers wat in 'n streek gebore is, wat daar skoolgegaan het of lank daar gewoon het, se boeke kan ook as spesiale versamelings bewaar word. Die rede hiervoor is dat die plaaslike omgewing gewoonlik 'n baie sterk invloed op skrywers uitgeoefen het en dat die invloed dan in hulle werke weerspieël word. Indirek beïnvloed die werke dan weer die omgewing (Sayers,1939,p.29-30). Die biblioteek kan selfs 'n bibliografie opstel van plaaslike skrywers met 'n aanduiding van elkeen se werk en waar dit beskikbaar is (Hobbs,1973,p.61).

Die versameling van boeke wat plaaslik gedruk of gepubliseer is, maar wat nie oor die bepaalde streek handel nie, kan ook deur die bibliotekaris oorweeg word. Hier moet egter net boeke oorweeg word wat werklik goeie voorbeelde van plaaslike drukwerk is (Hobbs,1973,p.60).

Hierdie beskrywings van plaaslike gemeenskappe het juis die besef na vore gebring dat baie dele van Suid-Afrika nog nie "gedokumenteer" is nie. Dit het geblyk dat daar nog talle plaaslike stories is wat vertel kan word - "plaaslike stories wat, as hulle deur en deur juis lokaal bly, iets vertel van die mensdier van alle tye met sy kwinte en kwaste " (De Vries,1974,p.104-5).

Streekprosa het dan ook nog altyd 'n baie belangrike plek in die Suid-Afrikaanse letterkunde inneem. Hier dink 'n mens veral aan die werke van C.J. Langenhoven, Boerneef, C.G.S. de Villiers, Dot Serfontein, A.A.J. van Niekerk en Hennie Aucamp wat elkeen 'n belangrike rol in die boekversameling van 'n plaaslike geskiedenisversameling kan inneem. "Elke boek oor 'n streek moet verwelkom word, want dit lê 'n klein vaderland vas in woorde; lewer dus 'n bydrae tot die sosio-geskiedenis of die kultuur-geskiedenis. Dit is sinvolle restorasie, veral by 'n jong volk wat soms nog ongemaklik op soek is na sy identiteit, en alle moontlike hulpmiddele in die soektog nodig het " (De Vries,1974,p.104-5).

'n Openbare biblioteek se plaaslike versameling kan 'n belangrike hulpmiddel wees in die bewaring van die identiteit van 'n gemeenskap en van die volk in die algemeen.

#### 3.4.1.2 Reisbeskrywings

Reisbeskrywings is 'n belangrike primêre bron van inligting wat in 'n plaaslike versameling kan voorkom.

Sommige ou reisigers was baie goeie waarnemers en hulle het dan ook daarin geslaag om goeie feitelike beskrywings van plekke en gebeurtenisse te gee. Andere daarenteen se gegewens was nie altyd korrek en objektief nie. Die algemene agtergrond, ondervinding en opleiding van 'n reisiger het 'n belangrike invloed gehad op sy siening van bepaalde sake en plekke (Parker, 1944, p.20).

Aangesien 'n reisbeskrywing gewoonlik 'n baie groot gebied beskryf en nie net toegespits is op die plaaslike omgewing nie, moet 'n bibliotekaris dit dan ook deeglik bestudeer om te bepaal of dit genoeg inligting bevat om inskakeling in 'n plaaslike versameling te regverdig.

Sommige reisbeskrywings kan in manuskripvorm wees, maar die meeste is gedruk met baie aantreklike sketse van die gebied wat deur die reisiger besoek is. Sulke sketse verhoog die waarde van die beskrywing en gee ook vir die leser 'n duideliker beeld van 'n bepaalde dorp of streek.

Voorbeelde van goeie reisbeskrywings waarin daar beskrywings van 'n dorp soos Potchefstroom in voorkom, is, onder andere Carl Mauch; The journals of Carl

Mauch..., Eduard Mohr; To the Victoria Falls of the Zambezi, Thomas Baines; The gold regions of South Eastern Africa, John Bennie; An account of a journey into Transorangia and the Potchefstroom - Winburg Trekker Republic in 1843 en Florence Dixie; In the land of misfortune.

Vir 'n navorser wat die plaaslike geskiedenis van Potchefstroom wil bestudeer, kan sulke beskrywings van baie groot waarde wees omdat dit vir hom 'n duidelike, direkte ooggetuie beeld gee van plaaslike toestande in die dorp in die verlede. Oor talle ander Suid-Afrikaanse dorpe en stede is daar reeds veel geskryf wat in die plaaslike geskiedenisversamelings van die openbare biblioteek geplaas kan word.

#### 3.4.1.3 Biografieë

Die lewensbeskrywings van belangrike en invloedryke persone wat 'n rol in die ontwikkeling van 'n gemeenskap gespeel het, bevat van die belangrikste inligting oor so 'n plaaslike gemeenskap. Deur so 'n biografie kan die navorser 'n duidelike beeld vorm van die invloed wat 'n persoon op sy omgewing gehad het en hoe die omgewing so 'n persoon beïnvloed het.

Die bibliotekaris moet hom in sy versameling van biografieë nie net toespits op die afgestorwenes

nie, maar ook biografieë van nog lewende persone by so 'n versameling insluit, aangesien dit later ook deur die navorser as histories van belang beskou sal word.

Jan Romein (1951,p.12) die bekende Hollandse historikus, beskou die biografie as die "fondament" en "kroon" van die geskiedenis. "Fondament" omdat menslike individue die ondeelbare eenhede is waaruit 'n bepaalde historiese proses opgebou is en "kroon" omdat die individuele mens alleen sin of doel aan die geskiedenis kan gee. Die biografie is van belang nie alleen vir 'n begrip van die verlede nie, maar ook in die vorming van die toekoms, want die lewensbeskrywing van 'n bepaalde persoon kan 'n belangrike invloed uitoefen op die lewens- en wêreldbeskouing van 'n leser omdat so 'n leser bewus of onbewustelik deur so 'n persoon se doen en late beïnvloed kan word.

Die bibliotekaris moet daarom deeglik kennis dra van belangrike persone in 'n gemeenskap en die optrede van sulke persone in die verlede of die hede. Indien daar dan 'n biografie oor so 'n persoon verskyn is dit 'n vereiste dat dit by die plaaslike geskiedenisversameling ingeskakel sal word.

'n Dorp soos Potchefstroom het 'n groot aantal bekende persoonlikhede gehad van wie biografieë geskryf is : Voorbeelde hiervan is onder andere die

talle werke oor een van Potchefstroom se bekendste inwoners, J.D. Toit (Totius), byvoorbeeld V.E. d'Assonville se Totius;Profeet van die Mooirivier ... Ander werke wat ook in 'n Potchefstroomse plaaslike versameling geplaas kan word, is byvoorbeeld A. Forssman; Chevalier Oscar Wilhelm Alric Forssman, 1822 - 1899 ... en F. Vermooten; 'n Drukker-pionier, Johannes Philippus Borrius, 1840 - 1892.

Biografiese naslaanwerke wat aanvullend tot biografieë gebruik kan word, is die Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, E. Rosenthal; Southern African dictionary of national biography, Who's who of Southern Africa en P.J. Nienaber; Afrikaanse biografiese woordeboek.

Ook toepaslike outobiografieë, moet in die plaaslike versameling geplaas word.

#### 3.4.1.4 Geslagsregisters

Geslagsregisters offamiliegeskiedenis waar in die voorgeslagte of afstammeling van 'n bepaalde persoon aangedui word, het 'n baie noue ooreenkoms met die biografie (Hobbs,1973,p.65). By 'n biografiese studie kom dit veral nuttig te pas omdat dit 'n duidelike beeld gee van 'n persoon se biologiese en sosiale afkoms en dit kan ook inligting verskaf oor die vorming van 'n persoon se persoonlikheidseienskappe (Lombard,1977,p.109).

'n Persoon se geslagsregister kan in die vorm van 'n stamboom of 'n kwartierstaat weergegee word. 'n Stamboom dui die voorgeslagte in een lyn aan en die name word in 'n bepaalde volgorde onder mekaar geskryf. In 'n biografie word dan ook gewoonlik 'n stamboom vir bestudering van 'n persoon se voorgeslagte aangedui (Lombard,1977,p.107).

'n Kwartierstaat bied 'n volledige oorsig van 'n persoon se voorouers in al die verskillende lyne, byvoorbeeld sy twee voorouers, vier grootouers, agt oorgrootouers, ensovoorts. So 'n kwartierstaat, wat selfs foto's kan bevat, kan as een van die interessantste vorms van familiekundige navorsing beskou word omdat dit 'n duidelike beeld gee van 'n bepaalde familiegeskiedenis (Lombard,1977,p.107-9).

Alhoewel die meeste geslagsregisters in manuskripvorm is, en daarom moontlik eerder in 'n argief as in die plaaslike versameling gevind sal word, verskyn daar tog heelwat in gedrukte en gepubliseerde vorm. Sommige geslagsregisters word ook net gedruk of getik met die oog op privaatverspreiding onder die lede van 'n familie (Hobbs,1973,p.65).

Geslagsregisters wat oor spesifieke persone of families in 'n bepaalde gemeenskap handel, moet in die plaaslike versameling geplaas word omdat dit nie alleen plaaslike geskiedenis as sodanig bevorder nie, maar ook omdat navorsing oor die voor-

geslagte van 'n bepaalde persoon - en ook navorsing oor jou eie voorgeslag - baie genot verskaf (Du Preez, 1968, p.9).

'n Geslagsregister dui nie altyd net die name, geboorte- en sterfdatums van persone aan nie, maar dit kan ook 'n aanduiding gee van waar 'n persoon gebore is, waar hy te sterwe gekom het en wat sy / haar beroep was. So kan inligting bekom word oor die verhuising van families en geslagte, oor die vestiging van plase en gemeenskappe. Dit is verbasend hoe min die huidige geslag van die geskiedenis van ou plase en hulle bewoners in hulle distrik weet, en tog lê in geslagsregisters 'n belangrike stuk geskiedenis van ons plaaslewe en plaaskultuur in opgesluit (De Villiers, 1950, p.33-4).

Aanvullend tot die geslagsregisters van plaaslike persone, kan die navorser ook gebruik maak van algemene geslagsregisters wat in die naslaanafdeling van 'n openbare biblioteek gevind kan word, byvoorbeeld C.C. de Villiers; Geslagsregisters van die ou Kaapse families, D.F. du T. Malherbe; Stamregister van die Suid-Afrikaanse volk en J. Hoge; Bydraes tot die genealogie van ou Afrikaanse families.

#### 3.4.1.5 Dagboeke

Dagboeke kan ook 'n belangrike rol vervul in 'n

plaaslike geskiedenisversameling aangesien dit, as 'n primêre bron van inligting, vir die navorser 'n baie duidelike en omvangryke beeld kan gee van die gewoon-alledaagse lewe in 'n dorp.

In die meeste gevalle word dagboeke net deur die meer-ontwikkelde, meer-geletterde inwoners gehou (Parker, 1944, p.33), maar ook die minder-geletterde persoon kan hom besig hou met 'n dagboek. Aan laasgenoemde tipe dagboek kan soms meer waarde geheg word omdat beskrywings daarin gewoonlik direk en onbevooroordeeld is.

Voorbeelde van dagboeke wat in 'n plaaslike versameling geplaas kan word, is onder andere die dagboek van Sol. T. Plaatje wat handel oor die beleg van Mafeking gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902; The Boer War diary of Sol. T. Plaatje, en 'n dagboek wat handel oor die beleg van Potchefstroom gedurende 1880; Diary of events that occurred at the town of Potchefstroom, Transvaal, during the rising of the Boers against the British Government, commencing on the 15th December, 1880.

Die belangrikste voordele verbonde aan die bewaring van dagboeke, is dat dit 'n goeie aanduiding van datums gee, dit gee baie duidelike karaktersketse van die inwoners van 'n gemeenskap en dit bied 'n duidelike beeld van die sosiale, politieke en geestelike lewe van 'n gemeenskap (Parker, 1944, p.33).

#### 3.4.1.6 Proefskrifte en verhandelinge

Die belangrikheid van die plaaslike gemeenskap en sy omgewing en die belangstelling van navorsers in verskillende aspekte van 'n bepaalde omgewing, het daartoe aanleiding gegee dat talle proefskrifte en verhandelinge oor plaaslike onderwerpe geskryf is.

Omdat proefskrifte en verhandelinge selde gepubliseer word, is dit eintlik net in universiteitsbiblioteke beskikbaar (Hobbs, 1973, p.66). Tog is dit moontlik dat 'n openbare biblioteek so 'n proefskrif of verhandeling van die skrywer daarvan kan ontvang.

In 'n proefskrif of verhandeling kan van die waardevolste oorspronklike navorsing oor verskeie aspekte van 'n bepaalde dorp of streek gevind word.

In Suid-Afrika het daar al soveel proefskrifte en verhandelinge oor dorpe en stede verskyn, dat slegs na enkele voorbeelde verwys kan word, onder andere D.J.P. Haasbroek; Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838 - 1881, A.C. Ras; Die Kasteel en andere vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713 en J.M.H. van Aardt; Die aandeel van die Krugersdorpse Kommando aan die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902.

Indien die bibliotekaris bevrees is dat navorsingsprojekte oor sy bepaalde omgewing dalk nie onder sy

aandag sal kom nie, kan hy gebruik maak van bronne soos S.I. Malan se Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van die Suid-Afrikaanse universiteite of die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Navorsingsbulletins om plaaslike navorsingsprojekte in op te spoor.

#### 3.4.1.7 Koerante

Die belangrikheid van die plaaslike koerant as 'n bron van inligting van plaaslike geskiedenis, is vanselfsprekend. Nie alleen bied koerante 'n duidelike beeld van die daaglikse leefwyse van die inwoners van 'n dorp nie, maar in koerante word ook reisbeskrywings, avontuurverhale, verhale oor uitbreiding, feestelikhede, botsings, besprekings van plaaslike en nasionale politieke aktiwiteite, gevind (Parker, 1944, p.37). W. Gregory, aangehaal deur Parker (1944, p.37) het die waarde van koerante so beskrywe : "The value of the information which these papers contain, can hardly be overestimated. They are a primary source of national and local history and for a study of the evolution of economic and political opinion ... the record of our industrial and business history". Die inligtingswaarde van selfs advertensies in koerante moet nie gering geskat word nie, want ook dit gee 'n duidelike beeld van die sosiale en ekonomiese leefwyse van 'n plaaslike gemeenskap.

'n Feit wat egter nie ontken kan word nie, is dat artikels en berigte in koerante deur individue geskryf word en derhalwe nie van subjektivisme ontbloom kan wees nie. Die leser moet gevolglik met 'n "oop gemoed" die berigte lees en 'n sekere mate van objektiwiteit probeer handhaaf.

'n Bibliotekaris moet daarna streef om 'n kopie van die plaaslike koerant in sy plaaslike versameling te plaas. Dit is 'n vereiste dat hierdie koerante gebind word anders sal dit mettertyd heeltemal verweer. Die bibliotekaris moet ook gereeld met die plaaslike koerantredakteur skakel om ontbrekende nommers aan die biblioteek te skenk.

'n Probleem wat beslis gaan voorkom in 'n plaaslike geskiedenisversameling met sy beperkte ruimte, is die van berging van koerante. Dit kan opgelos word deur die koerante op mikrofilm te plaas. Om praktiese gebruiksredes sal dit dan dalk beteken dat hierdie mikrofilms in die mikrofilm-versameling van die biblioteek geplaas sal moet word, of 'n addisionele mikrofilmleser by die plaaslike geskiedenisversameling.

#### 3.4.1.7.1 Koerantknipsels

Koerante wat na gebruik nie deur die biblioteek geverg word nie, moet gereeld deurgegaan word om berigte en artikels wat oor die dorp of streek handel,

uit te knip. Hierdie knipsels word dan op papier geplak en volgens bepaalde onderwerpe, byvoorbeeld godsdiens, kultuur, onderwys, munisipale aangeleenthede en persoonlikhede in lêers of houters gerangskik. Indien daar dan later genoeg knipsels oor 'n bepaalde onderwerp versamel is, kan dit in boekvorm gebind word.

Koerantknipsels is in baie gevalle die enigste bron van inligting oor 'n bepaalde gebeurtenis en dit word baie geraadpleeg deur plaaslike owerhede, skrywers, navorsers, beplanners en persagentskappe (Hobbs, 1973, p. 59-60).

#### 3.4.1.8 Tydskrifte

Tydskrifte wat uitgegee word deur verskillende plaaslike organisasies, byvoorbeeld 'n plaaslike kultuur- of politieke organisasie, moet in die plaaslike geskiedenisversameling geplaas word. Baie plaaslike organisasies sal dan ook bereid wees om van hulle tydskrifte aan die biblioteek te skenk (Egarr, 1935, p. 191).

Selfs al het die inhoud van sommige van die plaaslike tydskrifte geen waarde vir die bestudering van plaaslike geskiedenis nie, kan dit tog in so 'n plaaslike versameling gehou word as voorbeelde van plaaslike drukwerk. Dit mag ook dalk terreine dek wat later deur navorsers van plaaslike geskiedenis

benodig mag word (Hobbs,1973,p.61). Dit geld ook die handelinge ("transactions") van sommige verenigings in 'n dorp.

Algemene tydskrifte, byvoorbeeld Die Huisgenoot, bevat soms baie goeie artikels wat van belang kan wees vir plaaslike geskiedenis. Om sulke artikels op te spoor, kan die bibliotekaris gebruik maak van tydskrifindekse, soos die Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels.

Hierdie los tydskrifnommers kan dan by die ander tydskrifte in die plaaslike versameling geplaas word. 'n Fotokopie kan ook van 'n bepaalde artikel in die tydskrif gemaak word en die fotokopie kan by die koerantknipsels geplaas word.

Tydskrifte is van belang, nie alleen omdat dit 'n spieëlbeeld is van 'n hedendaagse gemeenskap nie, maar ook omdat dit artikels bevat waarin ons 'n beeld kry van die leefwyse van so 'n gemeenskap in die verlede (Parker,1944,p.47).

#### 3.4.1.9 Adresboeke

'n Ou adresboek waarin 'n naamlys van die inwoners van 'n dorp is met 'n aanduiding van beroepe en adresse, kan 'n belangrike primêre bron van inligting in 'n plaaslike versameling wees.

Adresboeke kan in verskillende vorms voorkom soos telefoongidse of naamlyste van plaaslike besigheids-, kulturele of kerklik/godsdienstige organisasies (Parker,1944,p.16). Nasionale of provinsiale adresboeke, byvoorbeeld Braby se verskillende adresboeke wat gewoonlik in die Naslaanafdeling van 'n biblioteek gevind word, kan belangrike aanvullende inligting verskaf.

Ou adresboeke kan gebruik word om die adresse van belangrike inwoners van 'n dorp te bepaal, die aantal jare wat hulle daarin woonagtig was, hulle beroepe, die adresse van ou besighede, ens. Advertensies in die adresboeke bied aan die navorser ook 'n beeld van die ekonomiese en sosiale lewe gedurende vorige dekades (Parker,1944,p.16).

Ou kieserslyste met die name en adresse van plaaslike inwoners, is ook belangrike aanvullende materiaal tot adresboeke (Hobbs,1973,p.58).

#### 3.4.1.10 Gidse

Plaaslike owerhede en uitgewers publiseer soms gidse waarin 'n oppervlakkige beskrywing gegee word van 'n dorp en sy besienswaardighede. Sommige van die gidse verskyn in boekvorm met mooi foto's en illustrasies terwyl ander weer van swak gehalte is. Gidse bevat ook soms 'n afdeling waarin 'n kort oorsig van 'n dorp se geskiedenis gegee word, maar die

inligting is ook nie altyd baie betroubaar nie  
(Celoria, 1958, p. 18-9).

Tog bevat sulke gidse inligting wat op een of ander stadium deur die bibliotekaris gebruik kan word en daarom moet dit ook in 'n plaaslike versameling geplaas word.

#### 3.4.1.11 Bibliografieë

Bibliografieë kan bestempel word as een van die belangrikste hulpmiddels vir die bibliotekaris en navorser om inligting oor boeke en ander publikasies wat oor 'n bepaalde dorp gepubliseer is, in op te spoor.

Ongelukkig is daar in Suid-Afrika nie baie bibliografieë wat net oor bepaalde dorpe en stede handel, beskikbaar nie. Gedurende 1976 het P. Aucamp 'n bibliografie oor Potchefstroom : Potchefstroom in die literatuur ..., as 'n akademiese proefskrif aangebied. In die samestelling van hierdie bibliografie is die omvang beperk tot gepubliseerde boeke, tydskrifartikels, proefskrifte en verhandelinge oor Potchefstroom (Aucamp, 1976, p. 5).

'n Bibliografie oor 'n bepaalde dorp sal 'n baie belangrike plek in 'n plaaslike versameling inneem, aangesien dit die eerste bron is wat deur die navorser gebruik sal word om te bepaal watter bronne

hy benodig vir die bestudering van die plaaslike geskiedenis van 'n dorp. In die praktyk ondervind navorsers gewoonlik die probleem dat dit nie bekend is watter materiaal daar alles oor 'n bepaalde dorp beskikbaar is nie. Een van die belangrikste doelstellings van 'n bibliografie is om hierdie leemte ten opsigte van inligting wat in boeke en tydskrifte vervat is, te probeer opvul. 'n Ander belangrike faktor is dat die aanvanklike belangstelling in plaaslike geskiedenis afneem vanweë 'n gebrek aan inligting. Deur die daarstelling van so 'n bibliografie, word daar egter 'n belangrike inligtingsbron geskep wat die belangstelling in plaaslike geskiedenisnavorsing verder kan aanwakker (Aucamp, 1976,p.3-4).

Die navorser kan ook van algemene bibliografieë gebruik maak om inligting oor 'n dorp in op te spoor. Bibliografieë wat op Suid-Afrika van toepassing is, is onder andere die Suid-Afrikaanse nasionale bibliografie, P.J. Nienaber; Bibliografie van Afrikaanse boeke, G.M. Theal; Catalogue of books and pamphlets relating to Africa South of the Zambezi ... en S. Mendelsohn; South African bibliography.

#### 3.4.1.12 Efemera (vlugmateriaal) : Pamflette, vlugskrifte, programme, plakkate

Alhoewel die term "efemera" tipes dokumente omskryf wat eintlik van verbygaande aard is en wat in baie

gevalle nie eers in biblioteke beskikbaar is nie, is dit tog vir 'n plaaslike geskiedenisversameling van groot belang. Hierdie vlugmateriaal is gewoonlik belangrike aanvullende materiaal tot die ander dokumente in die plaaslike versameling.

Die bibliotekaris moet 'n baie duidelike keuringsbeleid toepas by die inskakeling van vlugmateriaal omdat dit nadelig vir 'n plaaslike versameling kan wees as hy sou besluit om of alle vlugmateriaal te versamel, of om niks te versamel nie (Wyllie, 1955/'56, p.199). Hy moet 'n duidelike beeld hê van watter tipe vlugmateriaal hy gaan inskakel en watter terreine gedek moet word.

Die terrein wat deur die plaaslike versameling gedek word, speel 'n belangrike rol in die versameling van vlugmateriaal. 'n Klein openbare biblioteek wat 'n beperkte gebied dek, kan aandag gee aan die versameling van die tipe materiaal aangesien sy versameling baie meer gespesialiseerd is. Die groter openbare biblioteek daarenteen, wat 'n baie wyer gebied dek, se versameling vlugmateriaal sal nie so groot en gespesialiseerd wees nie en die biblioteek sal hom dan ook meer moet toespits op ou seldsame vlugmateriaal (Hobbs, 1973, p.68-9).

#### 3.4.1.12.1 Pamflette

Pamflette wat gewoonlik uit nie meer as vyf tot agt

bladsye bestaan nie, bevat soms baie belangrike plaaslike inligting en dit gee dan ook "a contemporary flavour to the past which ordinary books cannot portray " (Sealock,1964,p.184). In die verlede was pamflette ook meer toegespits op propaganda terwyl dit tans meer gaan om die bevordering en verbetering van openbare betrekkinge.

Pamflette kan in houeers volgens bepaalde onderwerpe bymekaar op die rak geplaas word, maar die meer seldsame versamelaarsitem moet gekatalogiseer en geklassifiseer word en desnoods saam met die seldsame boeke op die rak geplaas word (Sealock,1964, p.184).

#### 3.4.1.12.2 Vlugskrifte

Vlugskrifte kom gewoonlik voor as 'n enkele vel papier saam met korrespondensie in argief- en dokumentversamelings. Vlugskrifte wat in argiefversamelings voorkom, mag nie daaruit verwyder word nie, maar vlugskrifte in dokumentversamelings kan apart in lêers of houeers geplaas word volgens bepaalde onderwerpe (Sealock,1964,p.185).

Vlugskrifte word gewoonlik uitgegee deur sekere organisasies of persone om 'n bepaalde beleid of idee te propageer. Hierdie inligting wat dan ook in baie gevalle "vlugtig" en net oorsigtelik van aard is, vorm ook belangrike aanvullende materiaal

tot die plaaslike versameling, veral vir die bestudering van plaaslike beleidsrigtings en denke.

#### 3.4.1.12.3 Programme en plakkate

Programme en plakkate van verskillende gebeurtenisse in die plaaslike gemeenskap moet ook 'n belangrike deel van die plaaslike geskiedenisversameling uitmaak. Die algemene publiek beskou die bewaring daarvan as onnodig en 'n verkwisting van geld, maar hoeveel bibliotekarisse het nie al gewens dat hulle die "nietighede" van vervloë jare bewaar het nie.

Programme van konserte, teateropvoerings, operas en sportgebeure dien nie net alleenlik as 'n bron van navorsing vir die bestudering van die geskiedenis van vermaaklikhede nie, maar dit dui ook die ontwikkeling aan van die program as sodanig, die ontwikkeling van die advertensiewese en van die druk-kuns (Smith,1973,p.286).

Aangesien daar gewoonlik 'n massa van hierdie tipe materiaal bestaan, is dit nodig dat die bibliotekaris deeglike keuring toepas. Hy kan hom ook weer net toespits op ou versamelaarsitems of nêr byvoorbeeld konsertprogramme bewaar. Mikroverfilming kan die bewaring van die tipe vlugmateriaal vergemaklik, maar ou seldsame pamflette moet nog in hulle oorspronklike vorm bewaar word (Hobbs,1973,p.69).

Dieselfde beleid kan gevolg word met plakkate. Die meeste plakkate kan gevou en volgens onderwerpe in houters gerangskik word. Sommige is egter versamelaarsitems of is op harde karton gedruk sodat dit gladnie gevou mag word nie (Wyllie, 1955/'56, p. 199). Hierdie plakkate kan dan as 'n groep bymekaar gerangskik word.

#### 3.4.2 Manuskripte

Die HAT : Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (1970, p.530) definieer 'n manuskrip as 'n "Stuk met die hand geskryf." Die woord "manuskrip" is dan ook inderdaad afgelei van die Latynse vorm "manū scriptus". Die begrip "manū" (of "manus") beteken "hand" en "scriptus" beteken "om te skryf."

The world book dictionary (1977, p.1268) definieer dit as "a book, article, or paper written by hand or with a typewriter." Volgens The shorter Oxford English dictionary (1968, p.1203) is dit "A book, document, or the like, written by hand; a writing of any kind, as dist. from printed matter."

Volgens bogenoemde definisies is dit baie duidelik dat 'n manuskrip onderskei kan word van die gedrukte dokument, byvoorbeeld 'n boek, deurdat dit in 'n handgeskrewe of getikte vorm kan voorkom.

Tot en met die uitvinding van die drukkuns in die vyftiende eeu, was manuskripte die primêre vorm waarin kennis weergegee is. Alhoewel die uitvinding van die drukkuns daartoe aanleiding gegee het dat manuskripte in die algemeen en die geïllumineerde manuskrip in die besonder nie meer algemeen gebruik is nie, het manuskripte nie hulle waarde verloor nie. Manuskripte is 'n belangrike primêre bron van inligting en dit is 'n erkende vereiste, veral ten opsigte van historiese navorsing, dat 'n navorser in sy studies ook van oorspronklike manuskripte gebruik moet maak (Hepworth, 1958, p.9).

Die uitvinding van die tikmasjien het veroorsaak dat die geskrewe manuskrip meer op die agtergrond geraak het. Alhoewel die getikte dokument in sy wese nie as 'n manuskrip beskou kan word nie, word dit tog as sodanig deur bibliotekaris en argivarisse aanvaar vanweë die uniekheid daarvan (Hepworth, 1958, p.9-10). Baie skrywers skryf nie hulle gedagtes op papier neer nie, maar maak direk van 'n tikmasjien gebruik. Brooks (1969, p.6) huldig dieselfde mening en hy beskou getikte dokumente, foto's en kaarte naas die geskrewe manuskrip, ook as manuskripte.

Manuskripte in argief- en dokumentversamelings dek 'n baie wye plaaslike terrein. L.J. Redstone en F.W. Steer (1953, p.3) verdeel die plaaslike terrein in vier afdelings, naamlik (1) die terrein van die

plaaslike owerheid, (2) die terrein van plaaslike organisasies en verenigings, (3) die privaatterrein en (4) die kerklike terrein.

Die argiefversameling van 'n plaaslike owerheid gee 'n weergawe van al die verskillende werksaamhede van die plaaslike owerheid. Die versamelings van plaaslike verenigings en organisasies gee 'n duidelike beeld van die werksaamhede van handels-organisasies, besighede, professionele groepe, kulturele instansies en opvoedkundige groepe. Privaatversamelings is vir die navorser 'n belangrike bron van inligting oor individue en families in die gemeenskap. Kerkargiewe is belangrike bronne van inligting vir die navorser van kerkgeskiedenis (Redstone & Steer, 1953, p.3).

#### 3.4.2.1 Die argiefversameling van 'n plaaslike owerheid

Die Argiefwet nr.6 van 1962, soos gewysig, maak voorsiening vir die bewaring, versorging en beskikbaarstelling van die argiewe van die sentrale regering, die provinsiale en plaaslike owerhede, deur die Direkteur van Argiewe. Die sentrale regering kry volle beheer oor al die staatsdokumente, ongeag die feit of dit die argiewe van die sentrale regering self is of van die plaaslike owerhede. Verder word die Direkteur van Argiewe ook gemagtig om beheer en kontrole uit te oefen oor alle "loopen-

de" versamelings in die kantore van staatsdepartemente en plaaslike owerhede (Esterhuyse,1969,p.18).

Dit is duidelik dat kragtens die bepalinge van die Argiefwet die stukke van sowat agthonderd plaaslike besture soos munisipaliteite, dorpsrade, gesondheidsrade en -komitees en afdelingsrade in 1962 aan die Direkteur van Argiewe toevertrou is (Snyman, 1962,p.23).

Hieruit blyk dit dat openbare biblioteke in Suid-Afrika nie die argiewe van plaaslike owerhede kan bewaar nie aangesien dit volgens wetgewing na 'n bepaalde tyd vir bewaring oorgeplaas moet word na 'n spesifieke argiefbewaarplek. Elke plaaslike owerheid het in elk geval 'n bepaalde lokaal vir die beheer en bewaring van sy argiewe. Die Departement van die Klerk van die Raad oefen gewoonlik volle beheer uit oor die argief van die plaaslike owerheid en dit val heeltemal buite die terrein van die openbare biblioteek. T.R. Schellenberg (1956, p.20) beweer tereg dat alhoewel openbare biblioteke in die verlede in sommige gevalle die argiewe van plaaslike owerhede bewaar het, hierdie gebruik heeltemal afgekeur moet word.

#### 3.4.2.2 Die versamelings van plaaslike organisasies en verenigings

'n Baie wye en omvattende terrein van die plaaslike

geskiedenis word gedek deur versamelings van plaaslike organisasies en verenigings. Sulke versamelings gee 'n baie intieme en akkurate beeld van die gedagtes, gebruike en doelstellings van groepe in die gemeenskap (Le Hardy, 1950, p.24).

Plaaslike organisasies se aktiwiteite dek 'n baie wye terrein, byvoorbeeld die historiese, sosiale, ekonomiese, kulturele, politieke en liefdadigheids-terreine. Die bibliotekaris wat noue kontak met sy plaaslike gemeenskap het, moet bewus wees van die aktiwiteite van hierdie groepe. Hy moet dan ook poog om in besit te kom van die organisasies se versamelings veral wanneer hulle tot niet gaan. Hy hoef hom ook nie net toe te spits op afgeslote argiefversamelings nie, maar stukke van bestaande organisasies kan reeds in die plaaslike geskiedenis-versameling geplaas word (Hobbs, 1973, p.88). Op hierdie wyse word verseker dat die versameling van 'n organisasie dan later beskikbaar sal wees vir navorsing.

Dit moet in gedagte gehou word dat dit vir veral die openbare biblioteke in groot stedelike gebiede, onmoontlik sal wees om alles van elke organisasie of vereniging wat in die bepaalde stedelike gebied werkzaam is, te versamel. Die kleiner openbare biblioteek in die kleiner plattelandse dorpe, waar daar minder sulke organisasies voorkom kan hom meer intensief toespits op die versameling van dié

tipe materiaal.

Die stedelike openbare biblioteek daarenteen moet 'n keuse doen tussen die verskillende plaaslike verenigings en organisasies en slegs dié groepe se stukke versamel wat werklik verteenwoordigend is van die plaaslike gemeenskap (Norris, 1955, p. 163).

#### 3.4.2.3 Privaatversamelings

Argief- en dokumentversamelings van private persone variëer baie in grote en in omvang. 'n Privaatversameling kan net bestaan uit een of twee manuskripte maar aan die ander kant kan dit weer 'n groot aantal manuskripte, byvoorbeeld korrespondensie, dagboeke, ooreenkomste, testamente, transportaktes en huurkontrakte insluit. So kan die argiefversameling van 'n persoon sy hele lewe en die omgewing waarin hy woonagtig was, dek. (Douch, 1967, p. 98).

Talle van hierdie privaatversamelings gaan vandag verlore omdat dit gewoonlik vernietig word nadat 'n persoon te sterwe gekom het of dit word in kelders geberg of dit raak verlore in die kantore van prokureurs. Dokumente word ook soms opsetlik vernietig omdat die eienaar vrees dat die inhoud daarvan dalk kwetsend kan wees, of omdat hy onkundig omtrent die stukke se waarde is, of omdat hy net nie meer bergplek vir die "rommel" het nie (Ober-

holster,1969,p.300-1).

Die kernprobleem is die verkryging van die privaatversameling vir openbare gebruik. Die eienaar van privaatversamelings is nie net deur sentiment daaraan verbonde nie, maar hulle is ook bang dat van die inhoud daarvan misbruik gemaak sal word; of, dat hulle goeie naam of die naam van die organisasie en selfs die eer van hulle volk geskaad sal word. Indien sulke privaatversamelings deur die openbare biblioteek verkry word, moet gewaarborg word dat hulle veilig bewaar sal word, dat hulle 'n regmatige plek in hulle nuwe tuiste sal vind en dat die skenker voortdurend geken en dat sy belange en wense eerbiedig sal word (Oberholster,1969,p.301).

In hierdie verband rus daar 'n baie groot verantwoordelikheid op die bibliotekaris om die versamelings van vooraanstaande persone van sy gemeenskap te bewaar. Hy moet sulke persone of instansies gereeld nader en hulle versoek om hulle versamelings, veral die reeds afgeslote versamelings, na die plaaslike geskiedenisversameling oor te plaas. Omdat sulke dokumente private besit is, is min mense, behalwe die eienaar, bewus van die bestaan daarvan. Die allerfynste speurwerk is soms nodig om dit op te spoor (Oberholster,1969,p.301).

Die belangrikheid van die bewaring van plaaslike

versamelings mag nooit onderskat word nie. Aangesien die gesin, en by uitbreiding die familie, die kern vorm waarom die plaaslike gemeenskap draai, is dit vanselfsprekend dat die historikus, die sosioloog of antropoloog van hierdie primêre bronne gebruik sal maak in die bestudering van 'n plaaslike gemeenskap.

#### 3.4.2.4 Kerkargiewe

Kerkgeskiedenis maak 'n baie belangrike onderafdeling van plaaslike geskiedenis uit (Rademeyer, 1960,p.255), en vir die genealoog en die navorser van plaaslike geskiedenis is die verskillende tipes kerkregisters dan ook waardevolle navorsingsbronne. Die doopregister gee die volle name van die kind, sy ouers en die name van die doopgetuies. In huweliksregisters kom die name van die egpaar voor, hulle ouderdom, geboortedatums en die datum van die huwelik asook die name van die getuies. In sommige gevalle was die kerkraad ook in beheer van die plaaslike begraafplaas en dan is 'n sterfte- of begraafplaasregister gehou (Lombard,1977,p.89-91).

In die meeste gevalle word kerkregisters deur die plaaslike gemeentes bewaar (Lombard,1977,p.91). Die bibliotekaris kan sulke gemeentes nader met die versoek om enkele los stukke, byvoorbeeld feesbundels, gedenkboeke of gemeentegeskiedenis oor

te plaas na die plaaslike geskiedenisversameling waar dit dan op 'n sentrale plek in 'n dorp vir die navorser beskikbaar gestel kan word.

Sommige kerke het egter sentrale argiewe waar kerkregisters, gemeentegeskiedenis, gemeenteblaaie, jaarboeke of almanakke, tydskrifte, notuleboeke, foto's en familiegeskiedenis bewaar word. So het die Nederduits Gereformeerde Kerk sentrale argiewe in Kaapstad, Bloemfontein, Pretoria, Pietermaritzburg en Windhoek. Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika se argief is in Pretoria en die van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom (Lombard, 1977, p. 95-6).

Die openbare biblioteek met sy beperkte middele kan hom nie toespits op die versameling van plaaslike kerkgenootskappe se kerkargiewe nie aangesien elke kerk reeds sy eie sentrale kerkargief het.

### 3.4.3 Die prenteversameling

Aanskouingsmateriaal in die vorm van foto's, skilderye, prente, tekeninge, films, kleurskuiflies en landkaarte word sonder teenspraak aanvaar as 'n kragtige en onontbeerlike hulpmiddel by die mededeling van kennis. 'n Treffende voorstelling van persone, gebeure, plekke en geboue uit die verlede prikkel die belangstelling van die volwassene en die kind baie meer as die blote mondelinge of ge-

skrewe mededeling van geskiedkundige feite oor die-selfde onderwerp (De Kock, 1956, p. 35-6).

Aanskouingsmateriaal is dan ook in die moderne wê-reld besig om die geskrewe en gedrukte woord as bronne van inligting te vervang (Taylor, 1962, p. 142). Vir die moderne mens is dit makliker en minder in-spanne om na dinge te kyk as om daaroor na te lees.

Prentemateriaal is dus nie alleen 'n effektiewe middel om belangstelling in die verlede by almal op te wek nie, maar dit help ook om onverskilligheid teenoor die bewaring van ons historiese erfenis teen te werk (De Kock, 1956, p. 36).

#### 3.4.3.1 Skilderye, prente, foto's, kleurskuifies en films

Skilderye en tekeninge wat die plaaslike geskiedenissterrein dek, kan in 'n plaaslike geskiedenisversameling ingeskakel word indien daar nie alreeds 'n plaaslike kunsmuseum is nie. In so 'n geval, aldus W.C.B. Sayers (1939, p. 73) moet voorkeur aan die kunsmuseum gegee word.

Aangesien daar in 'n openbare biblioteek gewoonlik nie baie muurruimte beskikbaar is nie, kan slegs die beste skilderye en tekeninge aan die muur gehang word. Die ander skilderye - goed sowel as

swak - moet sonder rame in spesiale rakke geberg word. Dieselfde beginsel geld ook prente en af-drukke.

Foto's van die vroegste inwoners, geboue en gebeurtenisse in 'n gemeenskap is nie net aanvullende materiaal tot die geskrewe of gedrukte woord nie, maar in baie opsigte moet dit ook as onontbeerlike bronne van inligting oor die plaaslike gemeenskap beskou word. Foto's gee 'n duideliker beeld van 'n bepaalde voorwerp as wat die geskrewe woord dit ooit sou kon doen. Baie ou foto's is dan ook soms die enigste bron van inligting oor 'n bepaalde gebeurtenis, omdat daar nooit iets oor geskryf is nie (Hobbs, 1973, p.159-60).

Een van die beste manier om 'n fotoversameling te begin, is om vas te stel wie die vroeëre fotografe in die geskiedenis van die dorp was. Elke dorpie het sy eie fotografe gehad wat daarna gestreef het om die leefwyse van die gemeenskap aan die nageslag oor te dra. Een van die bekendste fotografiere baanbrekers in Suid-Afrika wat hom daarop toegespits het om plaaslike tonele te verewig, was Ambrose Lomax van Molteno (Meintjes, 1968, p.22). Lomax se foto's van plaaslike gebeure in die noord-oostelike deel van die Kaapprovinsie teen die laaste helfte van die negentiende eeu, gee vir die navorser 'n baie duidelike beeld van die leefwyse van die mense van daardie streek. Talle van die foto's

is dan ook afgedruk in boeke wat oor die streek handel, byvoorbeeld in Johannes Meintjes se Sword in the sand en in Hennie Aucamp se Op die Stormberge; 'n vertolking van 'n streek.

Familiefoto's, dit wil sê, foto's van familie-groepe, individue en ook van woonhuise, vorm 'n belangrike deel van 'n familie en 'n plaaslike gemeenskap se kultuurbesit. Omdat baie mense nie bereid is om van hulle waardevolle familiefoto's afstand te doen nie, sal dit die bibliotekaris loon om sulke foto's te herfotografeer (Lombard, 1977, p. 24-6). Ou negatiewe, waarvan die oudstes van glas was, mag ook nie vernietig word nie aangesien baie goeie afdrucke daarvan gemaak kan word (Parker, 1944, p. 21).

Die bibliotekaris moet ook aan die toekoms dink en foto's of kleurskuifies van bestaande tonele, persone en geboue bewaar (Parker, 1944, p. 22). Waar geboue gesloop gaan word, is dit 'n vereiste dat 'n foto daarvan voor sloping geneem word. Die samewerking van die plaaslike fotografiese vereniging in die verband, is van groot belang.

Die ontwikkeling van die film vir gebruik in die bioskoop en op televisie, het ook sy invloed op die openbare biblioteek gehad en dit is vanselfsprekend dat die bibliotekaris daarna moet streef om soveel films moontlik wat oor die plaaslike gebied handel

in sy versameling in te sluit. Dit word aanvaar dat 'n film oor plaaslike gebeure van die meer volledige metodes is waarvolgens die huidige vir die toekoms bewaar kan word (Hardman,1968,p.190).

In teenstelling met die geskrewe of gedrukte woord wat 'n bepaalde onderwerp nie altyd baie duidelik en omvattend kan beskryf nie, bied die film 'n duidelike beeld van baie ongeskrewe dinge en dit gee ook aan die navorser 'n duidelike geheelbeeld van 'n onderwerp. 'n Paar meters film het baie meer waarde as 'n dosyn swakgeskrewe boeke, aldus C.H.Roads (1967,p.187).

Dit is egter 'n vereiste dat die bibliotekaris films oor die plaaslike gebied krities moet bestudeer, aangesien sommige van hulle baie swak kan wees en nie 'n duidelike beeld van 'n gebied gee nie. Hy moet in samewerking met plaaslike amateur-fotograwe en die fotografiese vereniging daarna streef om ou sowel as nuwe films in die plaaslike geskiedenisversameling in te sluit.

#### 3.4.3.2 Kaarte

Dit word aanvaar dat 'n persoon wat 'n studie van die plaaslike gemeenskap wil maak, ook deeglik bewus moet wees van die invloed van die omgewing op die lewe van mense in die gemeenskap (Parker,1944, p.18). Natuurverskynsels soos berge, riviere,

valleie, mere en woude was bepalende faktore in die vestiging en ligging van dorpe. Aanvanklik het die natuur dan ook die leefwyse van gemeenskappe bepaal, maar met die ontwikkeling van die moderne wetenskap en tegnologie, maak die mens in baie gevalle die natuur ondergeskik aan hom - soms tot nadeel van die mens, sy kultuur en sy omgewing.

Kaarte van 'n plaaslike gebied kan 'n duidelike aanduiding gee van hoe die topografie 'n bepalende invloed gehad het op die ligging van paaie, brûe, spoorweë, elektriese netwerke, kanale, woonbuurtes, nywerhede, besighede, parke en landerye (Parker, 1944,p.19).

Kaarte wat gebruik kan word in die bestudering van plaaslike geskiedenis, kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word, naamlik (1) moderne kaarte, (2) historiese kaarte en (3) moderne historiese kaarte (Douch,1967,p.32).

Moderne geologiese kaarte dui nie net die ligging van 'n bepaalde plaaslike gebied aan nie, maar in baie gevalle bevat dit ook argeologiese en historiese inligting.

Ou historiese kaarte, waarin gepoog is om aspekte van die destydse landskap weer te gee, is ook vir die navorser belangrik juis omdat die omgewing in die verlede so 'n groot invloed op die mens en

sy geskiedenis gehad het (Douch,1967,p.32). Die ou kaarte is in baie gevalle in manuskripvorm en dit dek ook nie so 'n wye terrein nie maar is meer toegespits op dorpe en stede (Hobbs,1973,p.67). Hierdie, soms kunstig-geïllustreerde kaarte, se gegewens is nie altyd heeltemal korrek nie, maar dit gee die navorser tog 'n redelike duidelike beeld van die omgewing gedurende 'n bepaalde tydsgewrig.

Moderne historiese kaarte kan bestempel word as moderne rekonstruksies van ou landskappe. Hierdie tipe kaart se gegewens is nie so streng lokaal nie, maar is meer toegespits op 'n algemene, omvattende gebied (Douch,1967,p.39).

Planne van ou geboue kan ook belangrike aanvullende materiaal tot die kaarteversameling in die plaaslike versameling wees.

Die openbare biblioteek en veral die kleiner biblioteek, sal weens gebrek aan ruimte nie alle kaarte en planne van die plaaslike gebied in sy versameling kan plaas nie. Die biblioteek sal hom moet toespits op die kaarte en planne wat werklik versamelaarswaarde het, byvoorbeeld ou seldsame kaarte in manuskripvorm of kaarte wat 'n baie duidelike beeld gee van die plaaslike gebied.

#### 3.4.4 Bandopnames

Bandopnames van plaaslike gebeurtenisse en transkripsies daarvan, kan as belangrike aanvullende materiaal tot veral films gebruik word. Deur die bandopname is dit moontlik om die dorpsgeluide of die herinneringe van 'n ou inwoner, weer te gee (Sealock, 1964, p.186). As hierdie inligting objektief is, gee dit in baie gevalle 'n meer feitelike beeld van die plaaslike geskiedenis as wat in konvensionele bronne van inligting gevind kan word (Morrissey, 1969, p.342-3).

Die bibliotekaris moet altyd onthou dat 'n mens se geheue feilbaar en mondelinge inligting nie altyd so betroubaar is nie. Die inligting wat verstrekkend word, moet sover moontlik altyd aan ander bronne getoets word om die objektiwiteit daarvan te verseker.

#### 3.4.5 Die museumversameling

Sommige argief- en dokumentversamelings in 'n plaaslike geskiedenisversameling bevat, benewens die gedrukte en geskrewe dokumente, ook soms museumstukke. Omdat museumstukke in baie gevalle so 'n eenheid met 'n bepaalde argiefversameling vorm, kan dit nie geskei word nie, maar moet dit verkieslik saam met die argiefversameling in die plaaslike versameling gehuisves word. Los museumstukke, wat geen verband het met 'n bepaalde versameling nie, kan ook in die plaaslike geskiedenis-

versameling geplaas word. Indien 'n museumstuk van so 'n aard is dat dit eintlik nie hoort in 'n plaaslike versameling nie, en indien die biblioteek nie die nodige ruimte daarvoor het nie, kan dit oorgedra word na die plaaslike museum (Jenkinson, 1965,p.42).

Die museumversameling, wat 'n integrale deel vorm van die plaaslike geskiedenisversameling, dokumenteer net soos laasgenoemde, ook die gees en aard van die samelewing binne 'n bepaalde tydsgewrig. Hierin lê dan ook die besondere waarde van 'n plaaslike museumversameling opgesluit, want die museumstukke gaan elke persoon in die gemeenskap regstreeks aan daar dit so 'n gemeenskap se aard, geskiedenis en prestasies vertoon (Holm,1964,p.7).

By die versameling van museumstukke vir 'n plaaslike geskiedenisversameling moet daar 'n algemene beleid neergelê word van wat versamel gaan word. Hier geld die volgende oorwegings :

- (1) Dit moet hanteerbaar wees.
- (2) Dit moet iets van die lewe suggereer. Dit gaan nie bloot om die museumstuk nie, maar wel om sy diepere, geestelike verband.
- (3) Die museumstuk moet aanskoulik wees deur sy eie betekenis en geskiedenis so boeiend

moontlik weer te gee.

- (4) Die museumstuk moet iets van belang dokumenteer.  
'n Potskerf kan sekere belangrike dokumentêre getuigenis lewer wat van belang kan wees vir navorsing.
- (5) Die museumstuk kan die estetiese en etiese waardes van die gemeenskap bevorder omdat die gemeenskap homself geestelik verryk deur die versameling, bestudering en aanskouing van die voorwerpe van sy verlede (Holm, 1964, p.15).

Algemeen kan aanvaar word dat alles wat die bepaalde gemeenskap raak, versamel moet word. Hier geld egter ook ander oorwegings naamlik die beskikbare ruimte en personeel in die openbare biblioteek. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat hier met museummateriaal gewerk word en dat biblioteke nie altyd die opgeleide personeel het om die tipe werk te kan doen nie. 'n Baie belangrike oorweging is ook die teenwoordigheid van ander soorte museums, byvoorbeeld kultuur-historiese museums, kunsmuseums of natuurhistoriese museums in die gemeenskap.

### 3.5 Samevatting

Die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek dek 'n baie wye plaaslike terrein

en 'n groot verskeidenheid dokumente kan in 'n plaaslike versameling ingesluit word. Eintlik is dit min of meer 'n ideale toestand wat geteken is omdat dit veral vir die kleiner openbare biblioteek onmoontlik sal wees om die hele terrein te dek. Daarom is dit 'n vereiste dat 'n openbare biblioteek 'n bepaalde tema of temas moet hê waarom die plaaslike versameling dan kan sentreer. Hierdie temas moet gebaseer wees op 'n biblioteek se karakter en doelstellings, sy ligging, sy toekomstige moontlikhede asook die kultuur-historiese aard en karakter van die gemeenskap.

Nadat die tema bepaal is, moet die bibliotekaris dan besluit watter tipe dokumente hy gaan versamel. Ook hier moet hy bewus wees van die probleme verbonde aan die versameling van elke tipe dokument en die eise wat dit aan die biblioteek gaan stel (Bordin & Warner, 1966, p.22-3).

#### 4. FUNKSIES VAN DIE PLAASLIKE GESKIEDENISVER- SAMELING

##### 4.1 Inleiding

Volgens die American Library Association se Post-war standards for public libraries, kan die basiese funksies van die openbare biblioteek saamgevat word onder die volgende begrippe : opvoeding, inligting, estetiese waardering, navorsing en ontspanning (Friis, 1962, p.15).

Aangesien 'n plaaslike geskiedenisversameling so 'n inherente deel van 'n openbare biblioteek se versameling uitmaak, kan bogenoemde funksies ook van toepassing gemaak word op die plaaslike geskiedenisversameling.

Die funksies van die openbare biblioteek, soos ook van toepassing op die plaaslike geskiedenisversameling, kan saamgevat word in twee hoof funksies, naamlik die opvoedkundige en navorsingsfunksie.

Die opvoedkundige funksie beskryf die rol wat die plaaslike geskiedenisversameling in samewerking met die plaaslike skool kan speel in die opvoeding van die kind. Die opvoeding van die algemene volwasse publiek is ook hier van belang. Die navorsingsfunksie beskryf die belangrikheid van die plaaslike geskiedenisversameling vir die student wat op na-

skoolse vlak navorsing doen oor een of ander aspek van plaaslike geskiedenis (Hobbs,1973,p.18).

#### 4.2 Die opvoedkundige funksie van die plaaslike geskiedenisversameling

##### 4.2.1 Die opvoedkundige funksie gerig op die skoolgaande kind

Aangesien daar so 'n noue verband is tussen die opvoedkundige funksie van die skool en die openbare biblioteek, kan dieselfde maatstawwe wat deur opvoedkundiges vir die onderrig van plaaslike geskiedenis op skool gestel word, ook op die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek van toepassing gemaak word.

In die bestudering van die plaaslike omgewing en sy geskiedenis; in die aankweking van 'n liefde vir dit wat "eie" is aan die kind; in die bestudering van die plaaslike waar die "eie" met die vreemde vergelyk word, lê opgesluit een van die grootste uitdagings vir die skool en die openbare biblioteek.

So is dit moontlik om die leerling deur 'n studie van die plaaslike omgewing vanuit 'n historiese, geografiese en maatskaplike oogpunt te lei na breër veralgemenings. Op hierdie wyse word daar voldoen aan die psigologiese en logiese leerwette, want die leerling word eers vertrouwd gemaak met die plaas-

like omgewing wat aan hom bekend is en daarna word hy gelei na die algemene, meer omvattende nasionale omgewing (Olivier, 1968, p.237).

Die waarde wat 'n studie van die plaaslike geskiedenis vir die leerling kan hê, kan nouliks oorskat word. Veral die kind in die laerskool ken hoofsaaklik sy omgewing waarin al sy belewinge plaasvind en aan sy wil en denke rigting gee. Hierdie aanvanklike indrukke van sy omgewing bly in sy hele wese ingegraveer (Rademeyer, 1960, p.252-3).

Die plaaslike geskiedenisversameling kan ook van groot hulp wees vir die ontwikkeling van die burgerlike kennis wat 'n leerling nodig het voordat hy in die volle gemeenskap gaan staan. Dit kan daartoe bydra dat die leerling 'n positiewe benadering teenoor die doen en late van sy eie gemeenskap sal openbaar. Op hierdie wyse word 'n fondament gelê om die kennis van die wye wêreld te toets en om nog steeds die regte gesindheid teenoor die "eie" van die gemeenskap te bly behou. Die begrip en kennis wat die leerling van sy eie gemeenskap het help hom om dit wat vreemd is beter te leer ken, te verstaan en te waardeer (Olivier, 1968, p.238-9).

Die besef dat hy tot 'n bepaalde tyd en aan 'n bepaalde plek behoort, veroorsaak dat die leerling begin dink en navraag doen oor hoe om die beste

in die gemeenskap te bewaar, hoe om onreëlmatighede uit die weg te ruim en hoe om vir die toekoms te beplan. Op die wyse word die leerling ook gevorm om 'n volle burger van sy gemeenskap en land te word.

Deur 'n studie van die plaaslike omgewing word die gesin, die gemeenskap, die skool en die openbare biblioteek baie nouer saamgebind (Olivier, 1968, p. 239). Omdat die leerling 'n opdrag by die skool ontvang om 'n studieprojek oor 'n bepaalde aspek van sy gemeenskap te voltooi, maak hy van sy ouers se hulp gebruik, maar is hy veral aangewys op die openbare biblioteek.

Die plaaslike geskiedenisversameling vorm ook 'n uitstekende bron van navorsing vir die leerling - veral vir die meer gevorderde leerling wat aan die einde van sy skoolloopbaan is. Ou boeke, tydskrifte, manuskripte en foto's van die plaaslike gemeenskap is uniek aan daardie gemeenskap en as die leerling die ou materiaal kan hanteer en bestudeer - as hy 'n aktiewe deelgenoot kan wees in die opsporing en rekonstruksie van hierdie ou plaaslike materiaal - dan begin die geskiedenis vir hom lewe. Omdat die leerling die ou materiaal werklik kan sien en hanteer, kry hy nuwe insigte en die geleentheid tot selfwerkzaamheid (Rademeyer, 1960, p. 256).

By die onderrig van plaaslike geskiedenis moet dit

by die leerling tuisgebring word dat benewens die wêreld- en volksgeskiedenis, ook die kleinste plaaslike gemeenskap 'n wordingsproses deurgemaak het en 'n geskiedenis en wese van sy eie het. Dit is wel noodsaaklik dat die leerling bewus moet wees van wat in die nasionale en internasionale wêreld aangaan, maar dit moet nie afstuur op 'n strakke wêreldpatroon van massalewe en denke nie. Deur gedurig die ander man na te aap en te wil wees soos die ander land of kultuur, kom neer op 'n verloëning van die eie plaaslike kultuur. As die leerling die wêreldhorisone wil begryp, moet hy uitgaan van die plaaslike omgewing; wil hy 'n gesonde en sterk vaderlandsliefde opbou, moet hy plaaslik begin; wil hy sy mense en hulle probleme en die wêreld en sy strywelinge beter verstaan, sal hy plaaslik sy uitgangspunte moet vind (Rademeyer, 1960, p.256).

Die bestudering van die dokumente in die plaaslike geskiedenisversameling kan reeds op laerskool begin word. Die persoonlike belangstelling en entoesiasme van 'n kind is aanvanklik baie belangriker as die kuns om ou plaaslike dokumente te lees en te begryp. Die leerling kan eers net gewys word op die verskillende soorte materiale waarvan dokumente gemaak is, die verskil in teksture, vorms van dokumente en die skryfwyses. Hierna kan die verskillende tipes dokumente, byvoorbeeld transportaktes, briewe, kontrakte, foto's, ens. aan hom getoon word (Gt.Brit.Education and Science,

Dept. of., 1968, p.3).

Dit is belangrik om daarop te let dat die materiaal vir gebruik deur die jong skoolier baie deeglik gekeur moet word. Klem moet gelê word op aankouingsmateriaal, byvoorbeeld ou plaaslike foto's. Uitstallings van ou manuskripte, kaarte, foto's en prente met eenvoudige byskrifte, sal ook groot byval vind by die laerskoolleerlinge (Gt. Brit. Education and Science, Dept. of., 1968, p.6).

Die hoërskoolleerling kan baie goed van die plaaslike geskiedenisversameling gebruik maak omdat plaaslike geskiedenis veral baie geskik is vir bestudering deur die ouer leerling. Omdat hy reeds op skool vertrouwd geraak het met die gebruik van oorspronklike primêre bronne van inligting, sal die kennis van die hantering van sulke bronne, hom in sy latere loopbaan baie goed te pas kom. Die bibliotekaris moet 'n leerling aanmoedig om sy navorsing oor 'n plaaslike onderwerp professioneel te benader, om sy bronne waaruit hy sy inligting kry, aan te dui en om 'n bibliografie in te sluit waarin hy 'n aanduiding gee van sekondêre sowel as primêre bronne wat hy geraadpleeg het (Gt. Brit. Education and Science, Dept. of., 1968, p.11). Op hierdie wyse ontwikkel die leerling 'n kritiese houding teenoor sy bronne en leer hy ook om verskillende tipes bronne gelyktydig te gebruik. Dit word dan vir hom moontlik om altyd die bekende

aanvaarde idees te bevraagteken en om die uitdaging van die onbekende te aanvaar (Gt. Brit. Education and Science, Dept. of., 1968, p.9).

Elke gemeenskap, hoe klein ook al, het sy eie verlede wat 'n prikkelende en interessante studieveld vir die kind kan bied. Daarom moet aan die skoolgaande jeug die geleentheid gebied word om op eie inisiatief in die verlede van hulle dorpe en onmiddellike omgewing te delf. Deur 'n lewendige belangstelling by die leerling te wek, sal hy deur selfontwikkeling 'n waardering vir die geskiedenis van sy gemeenskap ontwikkel en ook geskiedenis as skoolvak op 'n meer positiewe wyse benader (Erasmus, 1968, p.17).

Die belangstelling van die jeug in sy plaaslike omgewing kan aangewakker word deur die leerlinge studie-projekte oor verskillende aspekte van die dorp en omgewing te laat doen. Die plaaslike bibliotekaris kan in medewerking met die skoolhoof, die geskiedenisonderwyser en ander belanghebbende plaaslike organisasies die nodige entoesiasme daarvoor aanwakker deur by wyse van voorligting aan te dui hoe die plaaslike geskiedenisversameling by so 'n projek ingeskakel kan word. Die bibliotekaris kan vooraf 'n lys opstel van boeke en ander bronne wat geraadpleeg kan word en dit dan vir die doel reserveer. Ook kan hy verder hulp verskaf deur bronne op te spoor en leerlinge aan te moedig

om die biblioteek ten volle te gebruik (Erasmus, 1968,p.19). Gereelde klasbesoeke is ook voordelig omdat die onderwyser en die bibliotekaris dan gesamentlik hulp kan verleen met 'n studie-projek (Hobbs,1973,p.131-2). Belangstelling kan ook wakker gehou word deur jaarliks 'n prys uit te loof vir die verdienstelikste werk. Die werk kan in die openbare biblioteek uitgestal word (Erasmus,1968, p.17-9).

(Samewerking tussen die skool en die openbare biblioteek, word verder in paragraaf 5.2 bespreek).

#### 4.2.2 Die opvoedkundige funksie gerig op die volwassene

Die plaaslike geskiedenisversameling kan ook in die opvoeding van die volwassene, veral die algemene publiek, 'n baie belangrike rol speel. Die biblioteek, met sy verskillende versamelings "has emerged into the limelight of the collective educational system of the adult nation" (De Vleeschauwer, 1960,p.34). Die opvoeding van die volwassene is dan ook een van die belangrikste funksies van die openbare biblioteek en dit is veral op die gebied van plaaslike geskiedenis waar die biblioteek hierdie opvoedingsfunksie van hom ten volle kan uit-leef. Die openbare biblioteek moet die leiding neem en die publiek bewus maak van die waarde van plaaslike geskiedenis en by hulle die begeerte aan-

wakker om meer daarvan te wete te kom (Hobbs,1973, p.20).

Plaaslike organisasies en verenigings, veral die plaaslike historiese vereniging kan hulle toespits op die bestudering van plaaslike geskiedenis en dan die resultate publiseer. Alhoewel die resultate van sulke studie-projekte deur professionele historici nie te hoog aangeslaan word nie, het dit tog die voordeel dat so 'n vereniging die geleentheid gehad het om iets vir die gemeenskap te kon doen en dat navorsing tog indirek daarby gebaat het (Hobbs,1973,p.25). Baie van die navorsingsresultate van plaaslike verenigings wat wel gepubliseer word, is van hoogstaande gehalte.

Die plaaslike amateurhistorikus speel vandag ook 'n al hoe belangriker rol in die bestudering en beskrywing van plaaslike geskiedenis. J.L. Hobbs, (1973,p.24) aanvaar dat die amateurhistorikus en die skolier oor die algemeen meer van plaaslike geskiedenisversamelings gebruik maak as die professionele historikus en navorser. Volgens D.D. Parker (1944,p.xi) is dit in baie gevalle die amateurhistorikus wat verantwoordelik is vir die beskrywing van plaaslike geskiedenis en nie die professionele historikus nie, want laasgenoemde is meer geïnteresseerd in groter navorsingsprojekte, soos die nasionale of internasionale geskiedenis. Op die wyse kan die amateurhistorikus ook 'n bydrae

lewer tot die plaaslike geskiedskrywing in die besonder en die nasionale geskiedenis in die algemeen.

#### 4.3 Die navorsingsfunksie van die plaaslike geskiedenisversameling

Die belangrikheid van plaaslike geskiedenis as 'n studieveld vir navorsing word reeds deur talle universiteite en navorsingsentra besef.

In Engeland is dit veral die University of Leicester se Department of English Local History wat baanbrekerswerk op hierdie gebied gedoen het. Die University of Hull bied ook 'n Diploma in Local Historical Studies aan. Die universiteite van Lancaster, Liverpool, Birmingham, Exeter en Leeds bied ook kursusse aan (Hobbs, 1973, p.21).

In die Republiek van Suid-Afrika bied die Randse Afrikaanse Universiteit 'n kursus in stedelike geskiedenis in die honneursjaar aan. Dit behels 'n studie van stedelike historiografie en enkele metodologiese vraagstukke asook temas uit die algemene en/of Suid-Afrikaanse stedelike geskiedenis (RAU, 1978, p.158).

Kort na die stigting van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 1969, is 'n behoefte aan streek- of gewestelike geskiedskrywing ge-

identifiseer. Op 1 April 1975 is oorgegaan tot die stigting van die Afdeling Streekgeskiedenis binne die IGN om aandag te gee aan navorsing oor streek- en plaaslike geskiedenis (Bakkes, 1977, p.3).

Die stigting van die IGN is voorafgegaan deur 'n ondersoek, plaaslik en oorsee, na organisatoriese en metodologiese aspekte van streekhistoriese navorsing. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die versplinterde en onafhanklike pogings deur verskeie persone en instansies om plaaslike en streekgeskiedenis te bestudeer en te beskrywe, gekoördineer moes word. Die verskyning van die tydskrif Contree, wat tweemaal per jaar deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in belang van die Afdeling Streekgeskiedenis van die IGN gepubliseer word, kan beskou word as 'n belangrike ontwikkeling ten opsigte van die koördinasie en bevordering van plaaslike historiese navorsing in Suid-Afrika (Bakkes, 1977, p.3).

'n Verdere belangrike ontwikkeling was die volgende: Ongeveer tien jaar gelede (+ 1968) het die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad in opdrag van die Bibliografiese Komitee van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging die projek OMISAB (Ongepubliseerde materiaal in Suid-Afrikaanse biblioteke) geloods. Hoewel inligting van verskeie instansies, byvoorbeeld museums, kerke en biblioteke ontvang is, kon sekere instansies nie saamwerk nie omdat hulle

versamelings nie behoorlik georden was nie. Omdat die Suid-Afrikaanse Biblioteek se eie manuskripversamelings destyds nie na wense georden was nie, moes dit ook eers gereorganiseer word voordat met OMISAB voortgegaan kon word. Na jare van reorganisasie is die Suid-Afrikaanse Biblioteek se manuskripversamelings in orde gebring en kon 'n gedrukte Gids tot die versamelings Suid-Afrikaanse manuskripte in die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, in Februarie 1978 verskyn.

Intussen was die Staatsargief in Pretoria besig met 'n skema vir die verwerking van "aanwinste" in die verskillende argiefbewaarplekke deur middel van 'n rekenaar. Na samesprekings is daar besluit om OMISAB by te voeg by die skema van die Staatsargief ten einde 'n gesamentlike gerekenariseerde Nasionale register van manuskripte (NAREM) op te stel. Gedurende 1978 word nog proefnemings gedoen, maar hopelik sal die projek vanaf 1979 vlot verloop (Tyrrell-Glynn, 1978 en Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1978, p.40).

Dit dien as bewys dat daar gedurende die afgelope aantal jare besef is dat plaaslike geskiedenis baie groot navorsingswaarde het. Navorsers en studente ontvang plaaslik egter geen gespesialiseerde onderlig in plaaslike geskiedenis nie, maar behaal hulle slegs 'n gewone akademiese kwalifikasie in geskiedenis (Anon.1978,p.3). Laasgenoemde opleiding

le 'n goeie grondslag vir latere navorsing, maar navorsers in die plaaslike geskiedenis kry tog met vraagstukke te doen waarop hulle nie aan die universiteit voorberei is nie. Hierdie vraagstukke, wat op universiteitsvlak aandag kan geniet, is die volgende :

(1) Dit word van 'n navorser op hierdie gebied verwag om kennis te neem van 'n wyer terrein van menslike aktiwiteit as die vanselfsprekende ekonomiese, staatkundige en militêre aangeleenthede. Om dan te bepaal watter aspekte werklik ter sake is, is 'n baie moeilike taak vir die oningewyde.

(2) As 'n navorser dan bepaal het wat werklik van belang is, kom hy voor die probleem van die beskikbaarheid van geskikte bronne te staan. Aangesien die tradisionele sekondêre bronne nou nie meer antwoorde op al sy vrae kan gee nie, moet die navorser hom tot oorspronklike primêre bronne wend. Die probleem is egter dat die navorser nie altyd weet waar die bergplekke van hierdie primêre bronne is nie. 'n Mate van voorligting en opleiding sal die navorser daarom baie goed te staan kom, aangesien hy soms van onkonvensionele metodes gebruik sal moet maak in sy soektog na inligting.

(3) Bronne van die plaaslike en streekgeskiedenis stel ander eise aan die navorser omdat die inligting daarin dikwels net indirek ter sake is. Die

navorser moet weet watter vrae om te stel ten einde die verlangde inligting te kry. Soms moet die navorser dan statistiese gegewens verwerk, onder andere deur gebruikmaking van die rekenaar. Daarin ontvang die meeste geskiedenisstudente geen opleiding nie (Anon,1978,p.3).

'n Verdere faktor wat van belang is, is dat elke dissipline wat hom aan streek- en plaaslike navorsingwaag, norme aanleë waarvolgens streek- en plaaslike grense afgebaken word. Die interdissiplinêre aard van streek- en plaaslike geskiedenis maak dit moeilik om norme vir indeling in streekhistoriese streke te vind, want die tradisionele streke wat oor die afgelope drie eeue hul beslag gekry het, blyk net nie meer 'n bruikbare indeling te wees nie (Oberholster,1977,p.32).

Die **streekgeskiedenis** spits hom, volgens Oberholster (1977,p.32), toe op daardie aspekte van die verlede wat betrekking het op die sosiale en ekonomiese ontplooiing in 'n spesifieke gemeenskap en in die wisselwerking tussen so 'n gemeenskap en die fisiese en kulturele omgewing.

'n Voorlopige streekindeling wat rekening hou met hierdie aspekte, bestaande administratiewe grense en die toekomstige ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika, is gedurende 1976 deur die Afdeling Streekgeskiedenis van die IGN gemaak. Met hierdie

indeling is veral ook gebruik gemaak van die Departement van Ontwikkeling en die Omgewing se Nasionale fisiese ontwikkelingsplan (Oberholster, 1977,p.32). Hierdie voorlopige indeling moet dien as 'n leidraad by die verdeling van die ingewikkelde nasionale gemeenskap in kleiner, eenvoudiger groepe.

Baie van die navorsing deur dosente en studente oor plaaslike geskiedenis, is gebaseer op die bronne van die plaaslike geskiedenisversameling omdat die openbare biblioteek, vanweë sy opvoedkundige navorsingsfunksie, in die posisie is om die navorser te help (Hobbs,1973,p.23-4). Daarom is dit dan ook 'n vereiste dat daar 'n baie goeie wedersydse verhouding tussen die bibliotekaris en die navorser moet wees want albei streef dieselfde gemeenskaplike doel na, naamlik die bevordering van kennis en die verryking van die mens se geskiedenis (Jordan,1968, p.61).

Wanneer 'n navorser vir die eerste keer van 'n plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek gebruik maak, is dit nodig dat die bibliotekaris 'n onderhoud met hom moet voer om presies te bepaal wat hy verlang en wat hy reeds weet. So word die navorser ook vertrouwd gemaak met die fasiliteite van die plaaslike versameling en die reëls wat nagekom moet word in die gebruik daarvan (Bordin & Warner,1966,p.101-3).

Dit sal tot die navorser se voordeel strek as hy sy probleme volledig aan die bibliotekaris verduidelik want dan kan laasgenoemde meer persoonlike aandag aan die probleme bestee omdat hy op hoogte behoort te wees van die inhoud van die meeste van die dokumente in die plaaslike versameling. Omdat die bibliotekaris 'n kennis van sy dokumente het, kan hy die navorser help met die evaluering daarvan en hom ook wys op onakkuraathede of vooroordele (Hobbs, 1973, p.125). Hy kan die navorser ook verwys na ander biblioteke, argiewe of museums wat oor bronne beskik wat dieselfde studieterrein dek of hy kan hom verwys na ander navorsers wat navorsing doen op dieselfde of verwante terrein (Bordin & Warner, 1966, p.101-3). Die bibliotekaris moet die navorser ook vertrouwd maak met die gebruik van die katalogus, inventaris en gidse tot die plaaslike versameling, asook aanvullende naslaanwerke, bibliografieë, biografieë en tydskrifindekse.

Dit is belangrik dat die bibliotekaris sy diskresie gebruik in die bepaling van die hulp en inligting wat hy aan die navorser gaan verleen. Die voorgraadse student, wat nie so vertrouwd is met die gebruik van plaaslike dokumente nie, sal meer hulp nodig hê as die nagraadse student of dosent verbonde aan 'n universiteit of navorsingsentrum (Hobbs, 1973, p.126). Die hulp wat deur die bibliotekaris verleen word, mag nie oordryf word in die sin dat die bibliotekaris feitlik die student se

werk vir hom moet doen nie. Hierdie probleem kan opgelos word as die dosent vooraf die nodige leiding aan die student gee oor hoe om primêre bronne te gebruik en hoe om van aanvullende naslaanwerke gebruik te maak (Steer,1956,p.384).

Die bibliotekaris moet baie goed besef dat daar nie net plaaslik van sy dienste gebruik gemaak sal word nie, maar dat hy navrae van oor die land en selfs van oorsee kan kry. Dit is sy plig om binne perke die nodige inligting, onder andere deur gebruikmaking van fotokopieë, aan die navorser te stuur (Hobbs,1973,p.128). Die inligting moet sodanig wees dat dit vir die navorser moontlik moet wees om te bepaal of hy die biblioteek sal moet besoek al dan nie. Die navorsing mag nie vir die navorser gedoen word nie want dan ly navorsing en die versameling daaronder en kan die bibliotekaris nie sy verpligtinge in die geheel teenoor die biblioteek nakom nie.

Baie van die navorsingswerk word nooit gepubliseer nie en tog bevat dit waardevolle plaaslike inligting. Om te voorkom dat die inligting verlore raak, kan van die beste navorsingsresultate in die plaaslike versameling geplaas word. Die biblioteek kan ook navorsing aanmoedig deur van die beste stukke te publiseer of pryse daarvoor uit te loof (Hobbs,1973, p.126-8).

Om sy opvoedkundige en navorsingsfunksies doeltreffend uit te voer, is dit nodig dat die plaaslike geskiedenisversameling aan sekere vereistes moet voldoen. Bordin en Warner (1966,p.110) stel ses vereistes :

(1) Daar moet voldoende werkruimte wees, goeie beligting en billike ure vir die gebruik van die versameling.

(2) Alle navrae, veral posnavrae, moet gou en so volledig moontlik beantwoord word.

(3) Die dokumente in die versameling moet in 'n bepaalde volgorde met voldoende vindmiddele gerangskik wees.

(4) Die biblioteek moet sy versameling adverteer deur inligting daaroor te publiseer in vaktydskrifte, gesamentlike katalogi, bibliografieë en publikasies van die biblioteek self.

(5) Die biblioteek moet in staat wees om bronne te dupliseer om die navorser te help wat nie self in die plaaslike versameling kan kom werk nie.

(6) Die biblioteek mag nie in sy dienslewering diskrimineer tussen navorsers nie. Alle inligting wat beskikbaar gestel word, moet heeltemal onpartydig en sonder persoonlike vooroordeel wees.

#### 4.4 Samevatting

Die feit dat die navorser / student alreeds op skool bewus geword het van die belangrikheid van plaaslike geskiedenis in sy algemene ontwikkeling en opvoeding en ook die feit dat hy reeds vertrouwd is met die gebruik van sekondêre en primêre bronne van inligting in die plaaslike geskiedenisversameling bied nou aan hom die nodige grondslag met die oog op sy verdere navorsing op tersiêre vlak.

## 5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE OPENBARE BIBLIOTEEK EN PLAASLIKE INSTANSIES MET BETREKKING TOT DIE VERSAMELING EN BEWARING VAN PLAASLIKE DOKUMENTE

### 5.1 Inleiding

Die openbare biblioteek is in baie gevalle, veral op die platteland, die enigste instelling in 'n plaaslike gemeenskap wat plaaslike dokumente kan bewaar en beskikbaar stel vir gebruik. In die groter dorpe en stede kan ander organisasies, byvoorbeeld plaaslike historiese verenigings, museums en argiewe (staats- of universiteitsargiewe) ook plaaslike dokumente bewaar, maar in wese bly dit 'n taak van die openbare biblioteek. As die openbare biblioteek nie die taak uitvoer nie, sal nie net baie historiese gegewens verlore gaan nie, maar die historiese wetenskap in sy geheel sal daaronder ly.

Die openbare biblioteek kan die versameling van plaaslike dokumente nie alleen aanpak nie, maar almal in die gemeenskap wat belangstel in plaaslike geskiedenis, kan in 'n mindere of meerdere mate 'n rol speel in die versameling daarvan. Wedywering op plaaslike of selfs nasionale vlak tussen individue en organisasies kan slegs nadelig wees vir die navorser sowel as die plaaslike versameling (Hobbs, 1949,p.179). Verskeie organisasies kan die openbare biblioteek daarom help met die versameling van plaaslike dokumente.

## 5.2 Die plaaslike historiese vereniging

'n Plaaslike historiese vereniging se primêre doel is uit die aard van die saak die belangstelling in en bestudering van 'n bepaalde dorp se plaaslike geskiedenis. Die begeerte om die plaaslike geskiedenis en karakter van 'n dorp te bewaar was in baie gevalle die aanleidende oorsaak tot die stigting van 'n plaaslike historiese vereniging. Die klem wat op die bestudering en bevordering van plaaslike geskiedenis gelê word, blyk dan ook duidelik uit die konstitusies van sulke historiese verenigings.

So 'n liggaam se werksaamhede is so omvattend as wat die sosiale, politieke, kulturele en ekonomiese bedrywighede van die plaaslike gemeenskap is. Watter aspek van plaaslike geskiedenis ookal beklemtoon word, 'n plaaslike historiese vereniging kan 'n belangrike rol speel in die uitbouing van inligting en kennis van die eie plaaslike omgewing (Hofmeyer, 1970, p.28).

Die rol wat die plaaslike vereniging speel in die bewaring van plaaslike geskiedenis, kom baie nou ooreen met die van die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek. Die historiese vereniging spits hom ook toe op die versameling van historiese dokumente en voorwerpe wat verband hou met plaaslike geskiedenis en dit streef ook daarna

om die plaaslike gemeenskap bewus te maak van sy geskiedenis en plaaslike geskiedkundige plekke (Scott, 1968, p. 27).

Eintlik omvat die funksies van die historiese vereniging 'n veel wyer terrein as die plaaslike geskiedenisversameling van die openbare biblioteek, want waar laasgenoemde net plaaslike dokumente versamel, versamel die historiese vereniging nie net dokumente nie, maar doen dit ook navorsing, opmetings en opgrawings in verband met ou geboue, forte en graftes. Die argeologie, etnologie en die topografie is almal dissiplines wat deur die historiese vereniging bestudeer word (Hofmeyer, 1970, p. 28-9).

Histories gesien speel plaaslike historiese verenigings ook reeds langer 'n rol in die bewaring van plaaslike dokumente as openbare biblioteke. Reeds in 1791 is die Massachusetts Historical Society in Boston gestig met die doel om historiese dokumente te bewaar, dit beskikbaar te stel vir navorsing en navorsingsresultate te publiseer. In die 1961-uitgawe van die American Association for State and Local History se Directory of historical societies and agencies het meer as 'n derde van die tweeduisend historiese verenigings wat aangedui word, eie biblioteke van verskillende groottes (Whitchill, 1964, p. 165).

Ook in die Republiek van Suid-Afrika het talle dorpe en stede hulle eie plaaslike historiese verenigings. So is daar byvoorbeeld die Vereniging Oud-Pretoria, Vereniging Oud-Potchefstroom, Grahamstown Historical Society, Historiese Vereniging van Stanger en Onder-Tugela, Fort Beaufort Historical Museum Subscribers' Association, The Historical Society of Kimberley and the Northern Cape en die Simon's Town Historical Society (Kyk ook Van Heerden, 1977, p.31 en Van Heerden, 1978, p.30).

Volgens die voorafgaande is dit baie duidelik dat die historiese vereniging 'n belangrike rol speel in die bewaring van plaaslike geskiedenis oor 'n baie breë terrein. Indien die plaaslike openbare biblioteek hom ook gaan toespits op die versameling en bewaring van plaaslike dokumente, is dit 'n vereiste dat daar die nouste samewerking tussen die twee instansies moet wees. So kan albei gesamentlik dokumente versamel en omdat die historiese vereniging gewoonlik nie die nodige bergplek vir sulke dokumente het nie, kan dit dan in die plaaslike biblioteek geberg en onder toesig beskikbaar gestel word vir gebruik. Die wedersydse verhouding kan ook verbeter en uitgebou word indien die biblioteek sy gebou sou beskikbaar stel as 'n vergaderplek vir byeenkomste van die vereniging; die vereniging belangrike belangrike plaaslike dokumente aan die biblioteek leen of skenk en indien die biblioteek

dalk sekere publikasies van die vereniging kan subsidiëer (Stone & Cortada, 1971, p. 361-3). So word nie net die doelstellings van die openbare biblioteek en plaaslike vereniging bevorder nie, maar is dit ook tot voordeel van plaaslike geskiedenis in sy geheel.

Samewerking tussen die openbare biblioteek en die plaaslike vereniging is veral gewens wanneer laasgenoemde 'n baie groot versameling het (Hobbs, 1973, p. 135). Die lede van die vereniging is soms so entoesiasties met die versameling van plaaslike dokumente en museumstukke, dat daar nooit gedink word aan die toeganklikheid tot hierdie dokumente nie. Die nodige opleiding en toerusting ontbreek ook in baie gevalle om die gedrukte en geskrewe dokumente te hanteer. Die lede se versamelaarsinstink weerhou hulle ook daarvan om die dokumente oor te dra aan "well-trained but unloving hands" (Paine, 1946, p. 42). Sommige verenigings kom en gaan en persoonlike voorkeure beïnvloed ook die rol wat sulke verenigings in 'n gemeenskap speel (Hobbs, 1973, p. 31).

Die biblioteek van die plaaslike historiese vereniging bestaan ook in baie gevalle uit net die belangrikste plaaslike primêre bronne waarin 'n beskrywing van die gemeenskap gegee word. Die personeel is gewoonlik kenners van plaaslike geskiedenis wat eintlik net bereid is om hulp te ver-

leen aan die ernstige navorser (Sealock,1964,p.180).

Die openbare biblioteek se versameling daarenteen is meer van algemene aard gerig op die skoolier, navorser, gewone burger, die besigheidsman en almal wat enigsins belangstel in minder-gespesialiseerde inligting oor die gemeenskap. Verder word die biblioteek se versameling ook nog gerugsteun deur 'n versameling van algemene naslaanwerke wat baie keer nie beskikbaar is in die versameling van die historiese vereniging nie (Sealock,1964,p.180).

Die verskillende benaderingswyses tot plaaslike geskiedenis noodsaak 'n gevestigde plaaslike instelling wat hom spesifiek kan toespits op die bewaring van plaaslike geskiedenis. Die openbare biblioteek, met sy plaaslike geskiedenisversameling, voldoen aan die vereiste omdat die biblioteek as kultuursentrum van 'n gemeenskap gewoonlik die nodige ruimte, opgeleide personeel en toeganklikheid tot 'n plaaslike versameling het (Hobbs,1973,p.31).

Indien 'n ooreenkoms nie bereik kan word dat die openbare biblioteek ook verantwoordelikheid aanvaar vir die dokumente van 'n plaaslike vereniging nie, is dit noodsaaklik dat albei gesamentlik 'n insamelingsbeleid moet bepaal. So 'n gesamentlike optrede kan veral beliggaam word in 'n gesamentlike katalogus waarin 'n aanduiding gegee word waar die verskillende plaaslike dokumente hulle bevind (Paine,

1946,p.42-3).

'n Moontlike terreinverdeling tussen die biblioteek en historiese vereniging ten opsigte van die versameling en bewaring van dokumente is dat dokumente bewaar kan word volgens hulle bron van oorsprong. So kan die openbare biblioteek hom net toespits op die versameling van private dokumente terwyl die historiese vereniging aandag kan gee aan plaaslike verenigings en organisasies. 'n Verdere oorweging is dat aangesien die openbare biblioteek in baie gevalle die toerusting en opgeleide personeel het om met dokumente te werk, die biblioteek hom daarop moet toespits en die historiese vereniging gee dan net aandag aan museumvoorwerpe (Paine, 1946, p.43). Die lede van die historiese vereniging moet, as gevolg van hulle gespesialiseerde kennis van die inhoud van die dokumente, steeds hulp aan die biblioteekpersoneel verleen ten opsigte van die ontsluiting van die inhoud van die dokumente.

Indien die dokumente en museumvoorwerpe geskei word, kan dit die eenheid van 'n plaaslike versameling verbreek, maar 'n gesamentlike outeurs- en onderwerpskatalogus kan hierdie probleem uitskakel en meer geleentheid gee vir gespesialiseerde behandeling van dokumente en museumvoorwerpe. Deur gebruikmaking van so 'n gesamentlike katalogus sal dit vir die navorser moontlik wees om te bepaal waar al die materiaal oor 'n bepaalde aspek van plaaslike ge-

skiedenis gevind kan word (Paine,1946,p.43).

Samewerking tussen die openbare biblioteek en die plaaslike historiese vereniging is tot albei se voordeel. 'n Goeie plaaslike versameling, al is 'n deel daarvan dalk in 'n ander biblioteek, sal veroorsaak dat meer persone die openbare biblioteek besoek en dat hulle ook bewus word van die werk van plaaslike historiese verenigings. Beter versamelings kan aanleiding gee tot deurbrake in die bestudering van plaaslike en nasionale geskiedenis en openbare biblioteke en historiese verenigings kan in die verband 'n belangrike rol vervul (Stone & Cortada,1971,p.364).

### 5.3 Die plaaslike skool

Soos breedvoerig aangedui in paragraaf 4.2.1 word die skoolier reeds op skool bewus gemaak van die belangrikheid van plaaslike geskiedenis. Baie skole of klasse onderneem dan ook plaaslike studieprojekte deur die versameling, beskrywing en publisering van die plaaslike geskiedenis van die gemeenskap. Nie alleen moet die skoolier plaaslike geskiedenis as sodanig bestudeer nie, maar hy moet ook in staat wees om oorspronklike dokumente te hanteer en oorspronklike inligting te verwerk. Volgens 'n pamflet van die Department of Education and Science in Engeland, getiteld Archives and education, word dit duidelik gestel dat "no stu-

dent should complete a course of education without being made aware of what sources exist and being given at least a limited opportunity of using them." Die Board of Education of Great Britain het ook 'n pamflet, getiteld Village survey-making, an Oxfordshire experiment, uitgegee waarin vir skoliere aangedui word hoe om 'n studie van die plaaslike gemeenskap te maak. In die Verenigde State van Amerika is kursusse in plaaslike geskiedenis ingestel by verskeie hoërskole en sommige state publiseer ook pamflette as hulpmiddels by die bestudering van plaaslike geskiedenis (Parker, 1944, p.164).

Tussen die openbare biblioteek en die skool moet daar die nouste samewerking wees in die bestudering van plaaslike geskiedenis. Omdat die plaaslike dokumente in die biblioteek beskikbaar is, kan hulp oor 'n groot aantal plaaslike onderwerpe verleen word. Die openbare biblioteek mag dan op sy beurt weer die resultate van die navorsing terugontvang vir inskakeling in die plaaslike versameling (Hobbs, 1973, p.132). Die navorsingsresultate van skoliere kan ook in die skoolbiblioteek se plaaslike geskiedenisversameling geplaas word mits die biblioteek oor so 'n versameling beskik. Die plaaslike versameling in die skoolbiblioteek is ook baie belangrik - nie net omdat dit die skolier bewus maak van die belangrikheid van sy omgewing nie, maar ook omdat hierdie versameling aanvullend

tot die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek gebruik kan word.

#### 5.4 Die Universiteitsbiblioteek

Dit is die amptelike funksie van elke universiteitsbiblioteek om al die amptelike dokumente van die universiteit waaraan dit verbonde is, te bewaar. Die bewaring van die universiteitsargief in die biblioteek is dan ook die belangrikste funksie van die argief want deur die bewaringsfunksie word verseker dat die dokumente hulle waarde bly behou vir die betrokke universiteit en sy amptenare. Naas sy bewaringsfunksie, moet die argief ook voorsiening maak vir dienslewering aan amptenare van die universiteit, studente en navorsers wat belangstel in verskillende aspekte van die universiteit (Immelman, 1961, p.2).

Aangesien die universiteit en sy aktiwiteite 'n inherente deel vorm van die plaaslike gemeenskap en hulle geskiednisse ook so nou verweef is, het die universiteitsbiblioteek ook 'n taak om die dokumente van die gemeenskap te bewaar. C.S. Paine (1946, p.41) beweer egter dat as die plaaslike openbare biblioteek hom ook toespits op die versameling van plaaslike dokumente of as die plaaslike historiese vereniging se biblioteek 'n omvattende versameling het dan hoef die universiteitsbiblioteek hom nie op dié terrein te begewe nie.

Daar rus egter dan die verpligting op hom om al die dokumente waarin plaaslike geskiedenis beskryf word, en wat nie deur hom gebruik kan word nie, oor te dra aan die openbare biblioteek. Die Universiteitsbiblioteek kan die openbare biblioteek ook in aanraking bring met persone wat plaaslike dokumente besit of navorsers in plaaslike geskiedenis kan deur hom verwys word na die openbare biblioteek.

As die openbare biblioteek of die historiese vereniging egter geen poging aanwend om plaaslike dokumente te versamel nie, rus die verantwoordelikheid op die plaaslike universiteitsbiblioteek om dit te doen (Paine, 1946, p.42).

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het in 1974 oorgegaan tot die stigting van die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis, gehuisves in die Ferdinand Postma-Biblioteek, waardeur gepoog word om al die belangrikste dokumente en inligting oor Wes-Transvaal en sy verlede te bewaar. In hierdie Argief is daar onder andere die Fleischack- en Van Swietenversamelings waarin die navorser 'n duidelike beeld kry van die leefwyse in Potchefstroom gedurende die laaste helfte van die negentiende en begin van die twintigste eeu. Die Orford-versameling gee weer 'n beskrywing van Klerksdorp en sy omgewing.

Sommige oorsese universiteite, byvoorbeeld die

Cornell University (Fox, 1965, p.36) en die University of Rochester (Butterfield, 1950, p.346) spits hulle in elk geval toe op die versameling van plaaslike dokumente. Ook in Suid-Afrika versamel openbare en universiteitsbiblioteke in dieselfde gemeenskap dokumente oor daardie betrokke gemeenskap en word dit nie net as die voorreg van een biblioteek beskou nie.

Waar 'n openbare biblioteek, 'n universiteitsbiblioteek en 'n historiese vereniging in dieselfde gemeenskap voorkom, is die geleentheid eintlik ideaal vir die opbouing van 'n omvattende plaaslike geskiedenisversameling omdat daar dan meer ruimte en personeel beskikbaar is (Paine, 1946, p.42). Onderlinge samewerking tussen die universiteits- en openbare biblioteek, onder andere deur 'n terreinverdeling of deur die gebruikmaking van 'n gesamentlike katalogus of inventaris, sal tot die voordeel wees van albei biblioteke.

### 5.5 Die plaaslike museum

Die woord "museum" is afgelei van die Griekse woord "museion" en dit beteken 'n toevlugsoord wat toegewy is aan die Muse. Die term is al in die derde eeu voor Christus gebruik vir die instituut wat deur Ptolemeus Philadelphus te Alexandrië gestig is en wat ook die biblioteek van Alexander die Grote gehuisves het. (Komitee van Onderzoek

na die Behoeftes van Staatsondersteunde Inrigtings, 1968,p.20).

Die inrigting wat as 'n plek van studie moes dien, was 'n soort navorsingsentrum wat soos die universiteite, 'n omvattende terrein sou dek. Daarom het dit nie net oor een van die grootste biblioteke beskik nie, maar ook alle moontlike voorwerpe en apparate versamel om persone in staat te stel om navorsing te kan doen (Holm,1964,p.3).

Deur die eeue heen is daar die nouste band tussen die biblioteek en museum want in baie gevalle is die geskrewe en gedrukte woord asook museumstukke in dieselfde gebou gehuisves. Die funksies van die twee instellings stem ook ooreen :

Die funksies van die biblioteek is die keuring, versameling, ordening, bewaring en beskikbaarstelling van kennis en idees deur middel van die boek en ander kommunikasiemiddels. Die museum se funksies is die keuring, versameling, ordening, bewaring en beskikbaarstelling van kennis en idees deur middel van die museumvoorwerp (Holm,1964,p. 11). Die funksies is basies dieselfde - slegs die materiaal waarmee gewerk word, verskil van mekaar.

Ook in die Republiek van Suid-Afrika is daar die nouste verband tussen die openbare biblioteek en die museum. Die eerste museum in Suid-Afrika, die

Suid-Afrikaanse Museum wat in 1825 in Kaapstad gestig is, was tot 1896 in die gebou van die Suid-Afrikaanse Biblioteek gehuisves. Talle plaaslike museums word ook in openbare biblioteke gehuisves en deur biblioteekpersoneel geadministreer (Kyk ook Suid-Afrikaanse Museumsvereniging, 1969, p.11-147). Die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede se Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika (1963, p.7-8) bepaal dan ook baie duidelik dat daar baie noue samewerking behoort te bestaan tussen die land se biblioteke en "die museums wat hulle toelê op die versameling van voorwerpe van wetenskaplike en historiese waarde."

Gedurende 1961 het ons die posisie in Transvaal gekry dat die Uitvoerende Komitee in beginsel goedkeuring verleen het aan die huisvesting van plaaslike museumversamelings in openbare biblioteke en dat die Provinsiale Administrasie dit dan later sou oorweeg om deur bemiddeling van die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens by te dra tot die aanvulling van die museums (Transvaal, 1971, p.104).

Gedurende 1970 is die Ordonnansie op die Transvaalse Provinsiale Museumdiens, nr. 12 van 1970, soos gewysig, aanvaar. Hiervolgens het die Transvaalse Provinsiale Museumdiens tot stand gekom waardeur die Provinsiale Administrasie nou in staat gestel is om, met behulp van plaaslike besture, plaaslike

museums op te rig, te bestuur en in stand te hou. Die sentrale beheer oor die Museumdiens word deur die Afdeling Biblioteek- en Museumdiens van die Provinsiale Administrasie uitgeoefen. Daar word aanbeveel dat die plaaslike museum in dieselfde gebou, maar verkieslik in aparte vleuels as die openbare biblioteek gehuisves word. In gevalle waar 'n gepaste historiese gebou bestaan, kan so 'n gebou gebruik word om 'n museum in te huisves (Van Niekerk, 1978).

Volgens 'n opname wat gedurende 1967 deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens gedoen is om die aandag van bibliotekarisse te vestig op die belangrikheid van plaaslike geskiedenis materiaal en die bewaring daarvan, blyk dit baie duidelik dat die museum in baie gevalle in dieselfde gebou as die biblioteek gehuisves word en dat albei hulle toespits op die versameling van plaaslike materiaal. Soms word die biblioteek en die museum apart gehuisves, maar die museum word of deur die biblioteek beheer, of deur dieselfde munisipale departement wat beheer oor die biblioteek uitoefen, of deur 'n museumkomitee wat gewoonlik 'n subkomitee van die biblioteekkomitee vorm (Gertz, 1974).

Die noue band tussen die biblioteek en die museum lei tot die verryking van albei. Die skeidslyn tussen biblioteek- en museum materiaal moet duidelik bepaal word, maar die een kan altyd leen aan of

van die ander (Meintjes, 1968, p.22).

## 5.6 Argiewe

Alhoewel argiewe, soos byvoorbeeld die verskillende argiefbewaarplekke in die onderskeie provinsies, nie juis as "plaaslike" bestempel kan word nie omdat hulle net in die hoofstede van die vier provinsies geleë is, kan daar tog goeie samewerking wees tussen die argiefbewaarplekke en 'n plaaslike geskiedenisversameling in 'n openbare biblioteek.

Privaatversamelings of aanwinste van leiers op politieke, ekonomiese en kulturele terreine, sowel as die argiewe van private instansies, maak saam met die amptelike argiewe van staatsdepartemente en plaaslike besture 'n belangrike deel van staatsargiefversamelings uit (Esterhuyse, 1969, p.20-1). Reeds in die Argiefwet, nr. 9 van 1922, soos herbevestig deur die Argiefwet, nr.6 van 1962, is voorsiening gemaak vir die verkryging van privaatsamelings deur die staatsargiewe. Die waarde van hierdie privaatsamelings vir die navorser is dat dit die inligting in die amptelike argiewe toelig en aanvul (Transvaalse Argiefbewaarplek, 1973, p.2).

Die Transvaalse Argiefbewaarplek en die Sentrale Argiefbewaarplek in Pretoria beskik oor 'n groot verskeidenheid privaatsamelings waarvan sommige

waardevolle biografiese en genealogiese gegewens bevat. Daar bestaan twee gidse op die privaatversamelings, naamlik Gids op aanwinste in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (1973) en Gids op aanwinste in die Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria (1974). In die Kaapse, Vrystaatse en Natalse Argiefbewaarplekke word ook belangrike privaatversamelings aangetref (Lombard, 1977, p. 69, 59, 81, 75).

Hierdie privaatversamelings, saam met die argiewe van plaaslike besture, het in hulle wese 'n plaaslike karakter al word dit in 'n staatsargief bewaar. Daarom is dit noodsaaklik dat die navorser wat van dokumente in die plaaslike geskiedenisversameling in die openbare biblioteek gebruik maak, ook bewus moet wees van die versamelings in die staatsargiewe wat betrekking het op die plaaslike gebied wat deur hom bestudeer word.

Ondanks die basiese verskille tussen die biblioteek en die argief, soos byvoorbeeld die tipe dokumente waarmee gewerk word, verskille ten opsigte van katalogisering en klassifikasie en vereistes wat vir personeel geld, is dit tog nodig dat daar die nouste samewerking tussen die openbare biblioteek met sy plaaslike versameling en die argief moet wees. "...archives and libraries exist as cultural institutions for a common purpose to collect, maintain, and make available the written and graphic

record of man's intellect and experience" (Clark, 1976,p.xii). Dié samewerkingsaspek word dan ook beliggaam in die Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika soos aanvaar deur die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede van 1962, naamlik "dat daar die nouste samewerking behoort te bestaan tussen die land se biblioteke en sy ander inrigtings wat te doen het met die versameling, ordening en paraatstelling van inligtingsbronne. In hierdie verband word veral genoem .... die argiewe wat hulle toelê op die versameling van ongepubliseerde amptelike stukke wat handel oor publieke aangeleenthede (Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede, 1963,p.7-8).

Die bibliotekaris en die argivaris streef albei daarna om inligting effektief en so gou moontlik aan die navorser oor te dra en daarom is dit nodig dat die een moet weet wat die ander aan die navorser kan bied (Ellis,1960,p.10). So moet die argivaris kennis dra van die inligting wat in algemene naslaanwerke is, terwyl die bibliotekaris weer moet weet watter tipe inligting in ongepubliseerde manuskripte gevind kan word. Dit strek nie net tot voordeel van die navorser wat van die hulp en kennis van albei moet gebruik maak nie, maar ook tot voordeel van die argivaris wat in sy werk baie van historiese, bibliografiese en biografiese naslaanwerke gebruik moet maak om die agtergrond en

geskiedenis van sommige versamelings te bepaal. Baie argiewe het dan ook hulle eie vakbiblioteke waarin basiese naslaanwerke en werke oor die argiefkunde in gevind kan word (Schellenberg, 1956, p.24).

Ook op die gebied van metodiek van die biblioteek- en argiefkunde kan daar samewerking wees : So kan die argivaris van biblioteek-, katalogiserings- en klassifikasietegnieke gebruik maak in die voorbereiding van sekere argiefmateriaal byvoorbeeld kaarte, films en foto's. Die katalogiseringsreëls wat deur die bibliotekaris gebruik word vir die katalogisering van publikasies van korporatiewe outeurs, kom baie nou ooreen met die reëls wat gevolg word vir die katalogisering van argiefversamelings. Onderwerpshoofde wat in die biblioteek-katalogus gebruik word, kan ook gebruik word in inventarisse van argiefversamelings (Schellenberg, 1956, p.25).

Met erkenning van die verskille in die metodiek van die biblioteek- en argiefkunde, kan daar ook in die opleiding van bibliotekarisse en argivarisse samewerking wees. So kan 'n universiteit wat 'n kursus in biblioteekkunde aanbied ook aandag gee aan die basiese beginsels en metodes van die argiefkunde of vice versa (kyk ook paragraaf 2.5).

Om die openbare biblioteek met sy plaaslike versameling 'n belangrike plek op plaaslike sowel as

nasionale navorsingsvlak te laat inneem, is skakeling tussen die biblioteek en die verskillende nasionale argiefbewaarplekke 'n vereiste. Op die wyse sal die openbare biblioteek, met sy plaaslike versameling, vir homself landswyd 'n baie goeie naam opbou wat noodsaaklik is vir die volledige aanwending van die bronne in die plaaslike geskiedenisversameling (Landau, 1961, p.231).

### 5.7 Samevatting

Samewerking tussen die openbare biblioteek en die onderskeie plaaslike instansies het die direkte gevolg dat talle mense bewus word van die bestaan van 'n plaaslike geskiedenisversameling en wat dit alles kan bied. Dit lei ook daartoe dat die publiek oor die algemeen 'n duidelike beeld kry van die verskillende dienste van die openbare biblioteek. So kan die plaaslike geskiedenisversameling 'n bydrae lewer tot die handhawing van goeie openbare betrekkinge tussen die biblioteek enersyds en die plaaslike owerheid, die algemene publiek en die navorsers andersyds.

Die handhawing van goeie openbare betrekkinge deur die biblioteek is belangrik, want in baie gevalle hang die voortbestaan van die plaaslike geskiedenisversameling van die goedgesindheid van die publiek af omdat baie van die dokumente in die plaaslike versameling van die publiek afkomstig is. 'n Open-

bare biblioteek se diens, boekevoorraad, personeel en gebou kan hoë goed wees, maar as die verhouding met sy publiek swak is, sal al die goeie hoedanigheid van geen waarde wees nie (Jolliffe, 1962, p.180).

In die uitbouing van goeie openbare betrekkings, kan die biblioteek van verskeie metodes gebruik maak. Hierdie metodes sluit onder andere in uitstallings van plaaslike geskiedenis materiaal, artikels in koerante en tydskrifte, die publikasie van gidse, bibliografieë, brosjures en pamflette oor die versameling of sekere aspekte van plaaslike geskiedenis, lesings voor gehore of oor die radio, televisie- en filmvertonings en toere deur die biblioteek (Wallace, 1958, p.264-5).

Al die metodes is by uitstek op 'n plaaslike geskiedenisversameling van toepassing omdat juis die materiaal in 'n plaaslike versameling soos ou kaarte, foto's, manuskripte en museumstukke hulle leen tot uitstallings en ander wyses van bekendstelling. Hierdeur word die openbare biblioteek dan ook in staat gestel om aan een van sy basiese doelstellings te voldoen, naamlik om die materiaal en die gebruiker bymekaar te bring (Hobbs, 1973, p.140).

Samewerking met plaaslike instansies en die uitbouing van goeie openbare verhoudings, is van die belangrikste werktuie in die dienslewering van die

openbare biblioteek. 'n Openbare biblioteek, en sy bibliotekaris, wat dit uit die oog verloor, kom nie sy verpligtinge teenoor sy gemeenskap na nie.

## 6 SAMEVATTING

Die bewaring van oorspronklike dokumente, hetsy staats- of private dokumente, is vir historici van die grootste belang omdat sulke oorspronklike dokumente vir wetenskaplike geskiedskrywing die primêre bron van historiese inligting is. Veral vir die bestudering van plaaslike geskiedenis, is die doeltreffende bewaring en gebruik van plaaslike dokumente 'n vereiste, omdat sulke dokumente 'n band vorm met die plaaslike sentiment asook 'n basis vir 'n goeie begrip ten opsigte van gebeure van nasionale omvang.

'n Studie van plaaslike geskiedenis verbreed die individu se historiese kennis en dit plaas plaaslike geskiedenis in direkte verband tot nasionale geskiedenis omdat plaaslike gebeure in nasionale verband gesien word. Plaaslike geskiedenis verskil egter van nasionale geskiedenis ten opsigte van tyd en ruimte en die oorsprong, ontwikkeling, sukses en verval van 'n plaaslike gemeenskap, kan ook 'n studiegebied in eie reg wees. Plaaslike geskiedenis, in teenstelling met nasionale geskiedenis, bestudeer die verlede vanuit die plaaslike hoek en is veral geïnteresseerd in die kleiner gemeenskap en die handeling van die mens in sy bepaalde omgewing.

Dit is duidelik dat oorspronklike plaaslike dokumente 'n baie belangrike rol speel in die be-

studering en bewaring van plaaslike geskiedenis.

Gedurende die afgelope aantal jare het dit egter al hoe duideliker geword dat talle dokumente verlore raak omdat dit baie moeilik is vir die verskillende amptelike argiefbewaarplekke om alle private dokumente te bewaar. Talle mense, veral op die platteland, wil ook om sentimentele redes nie van hulle dokumente afstand doen nie. Die rol van die plaaslike openbare biblioteek om hierdie dokumente op te spoor en te bewaar, is van die grootste belang.

Die besonder interdisiplinêre aard van plaaslike geskiedenis maak dit egter baie moeilik om norme vir die bepaling van plaaslike historiese grense te bepaal aangesien elke vakdisipline, byvoorbeeld die ekonomie of sosiologie, sy eie norme het vir die bepaling van plaaslike of streeksgrense. Die Biblioteekwese as dissipline, en veral die Openbare Biblioteekwese, moet in die versameling van plaaslike dokumente, rekening hou met die bestaande administratiewe grense van 'n bepaalde dorp, stad of streek.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat daar 'n baie nou verwantskap tussen plaaslike en nasionale geskiedenis is en dat die een aanvullend tot die ander is. Ten spyte daarvan dat plaaslike geskiedenis een van die hoekstene van nasionale geskiedenis is, is

dit tog 'n studiegebied in eie reg en bestaan daar 'n baie sterk band tussen die plaaslike openbare biblioteek en die plaaslike geskiedenis van 'n bepaalde stad of dorp. Die openbare biblioteek is afhanklik van die gemeenskap wat hy bedien en hy vorm 'n inherente deel van die historiese, kulturele en sosiale lewe van 'n bepaalde gemeenskap. Om hierdie rede is die openbare biblioteek as 'n kultuurliggaam, dan ook verantwoordelik vir die bewaring van die plaaslike dokumente van 'n gemeenskap.

In 'n plaaslike geskiedenisversameling word hoofsaaklik twee tipes versamelings aangetref, naamlik die argief- en die dokumentversameling. Daar is aangetoon dat daar geen finale definisie vir 'n argiefversameling is nie en dat die definisie aangepas moet word na gelang van 'n land of streek se eie besondere behoeftes en die tipe argiefversamelings. Nieteenstaande die verskille in definisies, is dit egter duidelik dat 'n versameling dokumente op die status van 'n argiefversameling kan aanspraak maak, slegs indien die dokumente as 'n organiese eenheid voortgebring en bewaar is om 'n spesifieke doel te dien. 'n Ongeordende dokumentversameling daarenteen, bestaan gewoonlik net uit 'n aantal los dokumente waarin daar geen organiese eenheid is nie.

So 'n plaaslike geskiedenisversameling bestaan

egter nie net uit argief- en dokumentversamelings nie. Los gedrukte dokumente in die vorm van boeke, pamflette, plaaslike koerante, tydskrifte, foto's en kaarte kan belangrike aanvullende materiaal tot die verskillende versamelings in die plaaslike geskiedenisversameling wees.

Verskille tussen die biblioteek en die argief ten opsigte van materiaal, werksmetodes en organisasie, het egter daartoe aanleiding gegee dat argivarisse biblioteke nie as doeltreffende bewaarplekke vir argiefversamelings sien nie. Ten spyte van teenstand, het openbare biblioteke reeds met hulle totstandkoming in Engeland in 1850 begin om plaaslike dokumente te versamel. As gevolg van die geweldige toename in dokumente veral na die Tweede Wêreldoorlog, het openbare biblioteke en ook 'n paar plaaslike historiese verenigings, hulle al hoe meer toegespits op die versameling van plaaslike dokumente. Biblioteekskole, onder andere die School of Librarianship van die University of London en die Case Western Reserve University het kursusse in argiefwetenskap in hulle leerplanne ingesluit. In 1961 het 'n opname van die Library Association aangetoon dat 'n groot aantal openbare biblioteke in Engeland plaaslike dokumente versamel. In 1957 het die Library Association 'n belangrike beleidsverklaring uitgereik oor die plek van plaaslike dokumente in die openbare biblioteek en waarin baie duidelik aangedui word dat : "The acquisition of

archives and manuscripts is a legitimate purpose of libraries serving the interests of scholarship and research" (Hobbs,1973,p.304).

Waar daar voorheen gepoog was om verskille tussen die biblioteek en die argief te beklemtoon, word nou eerder gepoog om dit wat hulle gemeen het, te beklemtoon.

Indien 'n openbare biblioteek besluit het dat hy hom gaan toespits op die versameling van plaaslike dokumente, is dit eerstens nodig dat hy hom moet vergewis van die grense van die gebied waaroor die dokumente handel. Faktore wat hier van belang is, is onder andere die nabyheid van ander dorpe en stede met openbare biblioteke, die verandering van munisipale grense, die skepping van nuwe biblioteke in 'n bepaalde insamelingsgebied en 'n verandering in die gebruikspatroon van gebruikers. In aansluiting hiermee, is dit 'n vereiste dat 'n openbare biblioteek 'n bepaalde tema of temas moet hê waarom die plaaslike versameling kan sentreer. Hierdie temas moet gebaseer wees op 'n biblioteek se karakter en doelstellings, sy ligging, sy toekomstige moontlikhede asook die kultuurhistoriese aard en karakter van die gemeenskap.

In die tweede plek is dit ook nodig dat 'n duidelike insamelingsbeleid neergelê moet word. Die belangrikste oorwegings wat hier geld is die beskikbaar-

heid van fondse, personeel en die nodige ruimte.

Nadat al hierdie faktore vooraf baie deeglik deur die bibliotekaris bestudeer is, moet hy besluit watter soorte dokumente hy gaan versamel. Die ideaal moet wees om dokumente te versamel waarin 'n beskrywing gegee word van die ontwikkeling van die plaaslike gebied op alle terreine, elke verandering wat die gebied ondergaan het, die gebruikmaking van die gebied deur die gemeenskap, die geskiedenis van die inwoners van die gebied, hulle aktiwiteite, handwerk en vermaaklikhede. Die verskillende soorte dokumente in die openbare biblioteek se plaaslike geskiedenisversameling kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word, naamlik gedrukte dokumente, manuskripte en die prentever-sameling.

In hoofstuk 4 is aangetoon dat die basiese funksie van die openbare biblioteek, naamlik opvoeding, inligting, estetiese waardering, navorsing en ontspanning, ook op sy plaaslike geskiedenisversameling van toepassing gemaak kan word. Hierdie funksies kan saamgevat word in twee hoof funksies, naamlik die opvoedkundige en die navorsingsfunksie. Die opvoedkundige funksie gee 'n beskrywing van die rol wat die plaaslike geskiedenisversameling in samewerking met die skool kan speel in die opvoeding van die kind. Die navorsingsfunksie beskryf die belangrikheid van die plaaslike geskiedenisver-

sameling vir die student wat op naskoolse vlak navorsing doen oor een of ander aspek van plaaslike geskiedenis. In paragraaf 4.3 is aangetoon wat die navorsingsituasie ten opsigte van die bestudering van plaaslike geskiedenis tans in Suid-Afrika is.

Die openbare biblioteek kan die versameling van plaaslike dokumente nie alleen aanpak nie. Almal wat belangstel in plaaslike geskiedenis kan 'n rol speel in die versameling daarvan. Verskeie plaaslike organisasies, byvoorbeeld die historiese vereniging, die skool, die universiteitsbiblioteek, die plaaslike museum en ook die argief kan, indien van hulle in 'n dorp of stad aangetref word, die openbare biblioteek help met die versameling van plaaslike dokumente.

Samewerking met plaaslike organisasies en individue en die uitbouing van goeie openbare verhoudinge, is van die belangrikste werktuie in die dienslewering van die openbare biblioteek en die uitbouing van 'n omvattende plaaslike geskiedenisversameling.

7 BIBLIOGRAFIE

ANDERSON, F.J. 1958. A sense of history. Library journal, 83(13):2003-7.

ANON. 1949. Opgawe van historiese stukke in private besit (Pamflet).

ANON. 1965. The value of local history. Pretoriana, 48:7-16.

ANON. 1978. Redaksioneel. Contree, 3:3.

AUCAMP, P. 1976. Potchefstroom in die literatuur : 'n beredeneerde bibliografiese studie, 1838-1975. Ongepubliseerde proefskrif. - P.U. vir C.H.O.

BAKKES, C.M. 1977. Redaksioneel. Contree, 1:3

BEKKER, J. 1978. Boekresensies : "Archive-library relations. Ed. by R.L.Clark. New York, Bowker, 1976." Suid-Afrikaanse biblioteke, 46(1):33.

BORDIN, R.B. & WARNER, R.M. 1966. The modern manuscript library. New York, Scarecrow Press.

BOTHA, C.G. 1944. Geweldige groei van ons argief-wese. Die Burger, 29:2 kol. 7-8, 25 Jul. 1944.

BROOKS, P.C. 1969. Research in archives; the use of

unpublished primary sources. Chicago, University of Chicago Press.

BRYON, J.F.W. 1961. Records of local societies and the public library. The Library Association record, 63(11):372-5.

BUTTERFIELD, M. 1950. Local history and university archives in the University of Rochester Library. College and research libraries, 11(4):346-9.

BUYS, M.H. 1959. Wat sluit argiefkunde in? Historia, 4:27-43.

BYBEL. O.T. 1958. Prediker 1:9.

CELORIA, F. 1958. Teach yourself local history. London, English Univ. Press.

CLARK, R.L. red. 1976. Archive-library relations. New York, Bowker.

DE KOCK, W.J. 1956. Die behoefte aan 'n nasionale prentekabinet. Historia, 1:35-6.

DE VILLIERS, C.G.S. 1950. Ons ken ons familie nie. Die Huisgenoot, 34(1481):33-4, 11 Aug. 1950.

DE VLEESCHAUWER, H.J. 1960. Ambiguities in the present-day library. Mousaion, 36:1-60.

DE VLEESCHAUWER, H.J. 1967. Die ontwikkeling van die studiebiblioteek in die Weste. Kaapstad, Academica.

DE VRIES, A. 1974. Boerestories uit die Stormberge. Die Huisgenoot, 2726:104-5, 12 Jul. 1974.

DOUCH, R. 1967. Local history and the teacher. London, Routledge & K. Paul.

DU PREEZ, M.H.C. 1968. Wie is ons? Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1968:6-9.

EGARR, J. 1935. The establishment, maintenance and administration of a local collection. The Library Association record, 2 (4th ser.):190-2.

ELLIS, R. 1960. Local history, archives and libraries. (In Library Association. Conference, Scarborough, 1960. Papers and discussion. London. p.9-16).

ERASMUS, A. 1968. Die jeug kan ook help. Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1968:17-9.

ESTERHUYSE, J.H. 1969. Die ontwikkeling van die Republiek se Argiefdiens gedurende die afgelope vyftien jaar. Suid-Afrikaanse argiefblad, 11:17-22.

FRIIS, T. 1962. The public library in South Africa;

an evaluative study. Cape Town, A.P.B.

FOX,E.M. C1965. The collecting of archival materials at Cornell University. (In Stevens,R.E. red. University archives. Papers presented at an institute conducted by the University of Illinois Graduate School of Library Science, Nov.1-4,1964, p.36-45).

GERTZ,M.B. 1974. Persoonlike korrespondensie.

GT.BRIT. Education and Science,Dept. of.1968. Archives and Education. H.M.Stationery Off. (Sy Education pamphlet, no.54).

HARDMAN,A.R. 1968. Films in the local history collection. The library world, 69(812):190-3.

HAT. 1970. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal vir universiteit, skool, huis en kantoor. Red.P.C. Schoonees (e.a.) Klerksdorp, Voortrekkerpers.

HAVINGA,J.F.E. 1956. Die onderwys van geskiedenis in die laerskool. Historia, 1:99-105.

HEPWORTH,P. 1958. Archives and manuscripts in libraries. London, Library Association. (Library Association. Pamphlet, 18).

HOBBS, J.L. 1949. Local records and the library. The Library Association record, 51(4th ser., V.16) : 177-9.

HOBBS, J.L. 1955. Local collections in the small library. The librarian and book world, 44(8):153-6.

HOBBS, J.L. 1973. Local history and the library. Completely rev. and partly rewritten by G.A. Carter. 2nd rev. ed. London, Deutsch.

HOCKETT, H.C. 1968. The critical method in historical research and writing, 10th print. New York, Macmillan.

HODSON, J.H. 1972. The administration of archives. Oxford, Pergamon Press.

HOFMEYER, G. 1970. Plaaslike geskiedenis. Coelecanth, 8(2):24-9

HOLM, E. 1964. Die plaaslike museum; 'n handleiding by die opbou van museumversamelings in openbare biblioteke. Pretoria, Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens.

HOLMES, O.W. 1965. History and the theory of archival pract. (In Stevens, R.E. red. University archives. Papers presented at an institute conducted by the University of Illinois Graduate

School of Library Science, Nov.1-4,1964.p.1-21).

IMMELMAN,R.F.M. & QUINN,G.D. 1961. University archives in university libraries; their nature and organization. (University of Cape Town libraries. Reprint series, no.1).

JENKINSON,H. 1965. A manual of archive administration. Reissue of the rev. 2nd ed. London, Lund, Humphries.

JOLLIFFE,H. 1962. Public library extension activities. London, Library Association.

JORDAN,P.D. 1968. The scholar and the archivist; a partnership. American archivist, 31(1):57-65.

KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE VAN STAATS-ONDERSTEUNDE INRIGTINGS,1968. Verslag. Pretoria.

LANDAU,T. red.1961. Encyclopaedia of librarianship; 2nd rev. ed. London, Bowes & Bowes.

LE HARDY,W. 1950. Records of local clubs and societies. Archives, 1(3):24-8.

LOMBARD,R.T.J. 1977. Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (Genealogie publikasie, nr.6).

MEINTJES, J. 1968. Die Moltenoversameling. Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1968:20-4.

MORRISSEY, C.T. 1969. Oral history and local history: opportunities for librarians. Journal of library history, 4(4):341-6.

MULLER, S. e.a. 1940. Manual for the arrangement and description of archives. Tr. of the 2nd ed. by A.H. Leavitt. New York, Wilson.

NASIONALE KONFERENSIE VAN BIBLIOTEEKOWERHEDE. 1963. Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika soos aanvaar deur die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede, Pretoria, 5 en 6 November 1962. Potchefstroom.

NORRIS, D.M. 1955. The local collection in the county borough. The librarian and book world, 44(8): 162-5.

OBERHOLSTER, A.G. 1977. Voorlopige indeling van die RSA met die oog op streekhistoriese navorsing. Contree, 1:32.

OBERHOLSTER, J.J. 1969. Insameling en verwerking van private dokumente met verwysing na die Politieke Argief, Bloemfontein. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 9:297-307.

OGILVIE, J.H. 1955. Some notes on the organization of a local collection in the small library. Suid-Afrikaanse biblioteke, 23(1):24-5).

OLIVIER, S.P. 1968. Die onderrig van plaaslike geskiedenis. Historia, 13:237-45.

PAINE, C.S. 1946. Materials of state and local history in college libraries. College and research libraries, 7(1):41-4.

PARKER, D.D. 1944. Local history; how to gather it, write it, and publish it. New York, Social Science Research Council.

PRELLER, G.S. 1925. Historiese opstelle. Pretoria, Van Schaik.

QUINN, G.D. & CARTWRIGHT, J.F. 1968. Organizing local history materials. Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1968:13-6.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1974. Nuusbrief, nr. 53. Pretoria, Staatsdrukker.

RADEMEYER, J.I. 1960. Omgewingsgeskiedenis met enkele verwysings na die vroeë geskiedenis van Heidelberg. Historia, 5:251-6.

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT. 1978. Jaarboek.

REDSTONE, L.J. & STEER, F.W. red. 1953. Local records; their nature and care. London, Bell.

ROADS, C.H. 1967. Film as historical evidence. Society of Archivists Journal, 3:183-91.

ROMEIN, J. 1951. De biografie. Amsterdam, Querido's Uitgeversmij.

SAYERS, W.C.B. 1939. Library local collections. London, Allen & Unwin.

SCHELLENBERG, T.R. 1956. Modern archives; principles and techniques. Melbourne, Cheshire.

SCOTT, J.B. 1968. Why collect that rubbish? Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1968:25-8.

SEALOCK, R.B. 1964. Acquisition and organization of local history materials in libraries. Library trends, 13(2):179-91.

SHERA, J.H. 1969. Historians, books and libraries; a survey of historical scholarship in relation to library resources, organization and services. Repr. New York, Greenwood Press.

The SHORTER Oxford English dictionary on historical principles. 1968. Prepared by W. Little (a.o.) Rev. and ed. by C.T. Onions. 3rd ed., rev. with addenda.

Oxford, Clarendon Press.

SMITH, A.H. 1973. Collecting unusual Africana.  
Africana aantekeninge en nuus, 20(8):285-6.

SNYMAN, J.H. 1962. Rekordbeheer in Suid-Afrika,  
1950-1962. Suid-Afrikaanse argiefblad, 4:16-24.

STEER, F.W. 1956. The historian and local record  
repositories. Archives, 2(15):382-6.

STONE, J.H. & CORTADA, J.W. 1971. Libraries and  
local historical societies : the need for co-  
operation. Journal of library history, 6(4):360-4.

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. 1968.  
Standaarde vir Suid-Afrikaanse openbare biblioteke.  
Opgestel deur die Onderkomitee insake Standaarde  
vir Openbare Biblioteke. 2e hers. dr. Potchefstroom.

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. 1978. Annual  
report. Jaarverslag, 1977-1978. Potchefstroom.

SUID-AFRIKAANSE MUSEUMSVERENIGING. 1969. Gids vir  
die museums van Suider-Afrika. Saamgestel deur H.  
Fransen. Kaapstad.

TAYLOR, H.A. 1962. Local history; an experiment with  
slides and tapes. Archives, 5(27):142-50.

TRANSVAAL; die groei en ontwikkeling van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, 1961-71. 1971. Voortrekkerpers.

TRANSVAALSE ARGIEFBEWAAARPLEK. 1973. Gids op aanwinste in die T.A.B. Pretoria, Staatsargief.

TRANSVAALSE PROVINSIALE BIBLIOTEEK- EN MUSEUMDIENS. 1963. Handleiding vir plattelandse biblioteke, dl.2 : Handleiding vir plattelandse biblioteekowerhede. Opgestel deur B. Fouche en H.J.M.Retief. Pretoria.

TYRRELL-GLYNN,W. 1978. Persoonlike korrespondensie.

UNIALE POSKOETSREËLINGSKOMITEE, KAAPSTAD, 1951. Notule, 2 Apr. 1951 (geroneo).

VAN HEERDEN,M. 1977. Regional historical societies. Contree, 1:31.

VAN HEERDEN,M. 1978. Regional historical societies. Contree, 3:30.

VAN NIEKERK,S.C.J. 1978. Persoonlike gesprekke.

VAN WYK,A.H.du P. 1956. Geskiedenis en die onder-  
rig van geskiedenis. Toespraak ter geleentheid van  
die opening van die Geskiedenis-konferensie in  
Pretoria op 11 Februarie 1956. Historia,1:8-12.

WALLACE, S.L. 1958. Public relations of the public library. Library trends, 7(2):259-68.

WALTON, M. 1938. Local records and the public library. Ongepubliseerde skripsie.-Library Association.

WET 6/1962 : Argiefwet.

WHITCHILL, W.M. 1964. The libraries of privately supported historical societies. Library trends, 13(2):165-78.

WOORDEBOEK van die Afrikaanse taal, 2e dl. Hoofred. P.C. Schoonees. 2e oplaag. Pretoria, Staatsdrukker.

The WORLD book dictionary, V.2.1977. Ed. by C.L. Barnhart, R.K. Barnhart. Chicago, Field Enterprises Educational Corporation.

WYLLIE, J.C. 1955/'56. Pamphlets, broadsides, clippings and posters. Library trends, 4:195-202.

ZATTERBERG, H. 1949. Local history is asset in branch. Library journal, 74:351-3.